INVLOED

Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

2 Laat ons ons hoofde buig. Ons Hemelse Vader, ons dank U vir hierdie lied, net te glo! Sien net ons Here waar Hy na die seun toe kom wat die epilepsie gehad het, gesê het: "Ek kan, as jy sal glo, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Here, help vanaand ons ongeloof, is ons gebed. Ons is so dankbaar teenoor U vir U Teenwoordigheid by ons, en vir mense wat U glo en U liefhet. En om nou te weet, nie ons sal nie, maar ons word nou opgelig in Hemelse plekke in Christus Jesus, sit daar saam met ons Koning vanaand, alreeds posisioneel by Hom. O, hoe dank ons U nie vir hierdie vertroue wat ons in Hom, Sy belofte, het nie, in die wete dat dit nooit kan faal nie, dat dit altyd waar is. Ons bid dat U ons vanaand sal besoek. Mag die Heilige Gees die Woord van God neem en Dit toedeel aan ons harte net soos wat ons behoefte het, dat wanneer ons vanaand vertrek, na ons huise gaan, ons kan sê saam met hulle wat een aand van Emmáüs gekom het, sê: "Het ons harte nie in ons gebrand toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

3 Kan maar sit. Ek is baie bly om vanaand weer terug te wees, om met julle te praat en gemeenskap te hou met julle, rondom die dinge wat aan Christus behoort. Dis geen ander doel wat ons het met hier te wees nie, slegs om dit te doen, net gemeenskap te hou rondom Sy Woord.

4 Ek's jammer om julle almal so laat te hou elke aand. Iemand het my vertel, gesê: "Mense gaan hier huis toe teen agt-dertig of nege-uur, van die kerk af." Maar ek's—ek's maar net van die suide af, en soort van stadig, julle weet. En ek kan nie so vinnig daaraan dink nie. Ek moet maar soort van my tyd vat daarmee.

5 Maar ek is sekerlik dankbaar vir die goeie samewerking wat . . . wat ek van julle mense kry daarin, wat in God glo. Julle—julle goeie samewerking maak dit so maklik, ook, vir die Heilige Gees om tussen die mense te beweeg. Ek wens ek kon dit oral ondervind, ek—ek wens, waar jy mense kon kry wat glo. Maak nie saak wat God doen, hoeveel van 'n gawe Hy sou aanbied nie, jy moet dit glo, sien, omdat dit oneffektief is tensy jy dit glo.

6 Jesus het eenkeer van 'n ander land af gekom, na Sy Eie toe. En hulle het gesê: "Ons het gehoor U het so-en-so gemaak by so 'n plek," maar toe Hy nie magtige dade verrig nie. Nou ons hou nie daarvan om dit te sê nie, maar dis hoe die Skrif dit sê, dat Hy

kon doen . . . "Hy kon nie veel magtige dade verrig nie, vanweë hulle ongeloof."

7 En God se krag is beperk tot jou geloof Daarin. Sien? Dis al beperking wat dit het, is jou geloof. En as . . . Alle dinge is moontlik vir hulle wat dit sal glo. Sien? Daar is 'n groot God in die Hemel, en as ons maar net kon kontak maak, soos 'n direkte lyn na Hom toe, is alle dinge moontlik. Sien? Maar ons moet met Hom in aanraking kom, met geen statiese steurings nêrens nie, met 'n skoon kanaal tussen ons en God. Toe het Hy gesê: "As julle vir hierdie berg sê: 'word versit,' en nie in julle hart twyfel nie, maar dit glo wat julle gesê het." Nou, jy kan dit nie veins nie. Satan word nie te maklik gebluf nie, so jy kan dit nie veins nie. Maar wanneer jy dit regtig weet, dan moet dit gebeur, sien, dit moet net gebeur.

8 So ons is hier en aanbid Hom, en Hy's lieflik en skoonste van tienduisend vir ons siel. En ons is sekerlik bly om saam met julle te kan sit, vanaand, in hierdie lieflike tyd van gemeenskap.

9 Nou, julle wat daarvan hou om die Woord te lees, of die plekke te merk. Ek het gedink vanaand, het soveel oor Goddelike genesing gepreek, ek het vanaand soort van die onderwerp verander, 'n bietjie. Nie juis dit verander nie, maar net die verloop daarvan. Want, jy kan nie een Woord in die Bybel verander nie, omdat dit maar net ooreenstem met die ander Woorde saam Daarmee. Die hele Skrif bind net aan mekaar. Dis net soos 'n—'n . . .

10 Verskoon, as dit na heiligskennis klink, en ek sou dit nie so wou bedoel nie, glad nie. Maar dis net soos 'n legkaart, julle weet. Ons het altyd die ou legkaarte gekry heeltemal op—opgesny, en dan sou ons gaan sit en bestudeer hoe om dit aanmekaar te sit. En dan moes ons iets gehad het wat langsaan lê, die prentjie van wat ons probeer aanmekaarsit, om die legkaart reg te laat uitkom. As jy nie het nie, sou jy—sou jy dit nooit gedoen kry nie.

11 En dis nou die Skrif is. Dis so opgesny, om verborge te wees van die oë van die wyse en verstandige; sien, hulle is soos die Fariseërs, slim geleerdes. En Jesus het God gedank dat (Dit) Hy Dit van hulle oë verberg het, en Dit sal openbaar aan babas soos wat sal leer.

12 Nou as jy jou voorbeeld wil hê om langs jou patroon te lê, om te sien waarmee die Skrif saamgaan, lê net Jesus hier en gaan hou Hom dop, en het dit in die Bybel geplaas. Jy het die hele ding reg laat uitkom, want dit is die openbaring van Jesus Christus. Die—die Nuwe Testament en Oue, beide, alles spreek van Jesus, sien, Jesus Christus die Seun van God, want Hy is (die) hierdie Boek van Verlossing. Hy was die Woord, en Hy is die Woord, en dit moet net Hy wees, julle sien. So hierdie is die hele Boek van Verlossing, wat Jesus Christus is, gepas saamgevoeg deur God; met die beloftes van verlossing en genesing, en alles,

vir die menslike wese. Sien? Begryp julle dit nou? Hierdie Boek is Jesus Christus, saamgestel deur God. Sien? En Hy kom as ’n menslike wese en het ons verlos, en elke belofte is in Hom, en vir jou, want Hy is die Verlosser.

13 Laat ons vanaand in die Ou Testament blaai, om dit waaruit ons ons konteks wil maak, te kry, waar ons lees uit Jesaja, die 6de hoofstuk van die Boek van die profeet Jesaja.

14 Ek hou van Jesaja se geskrifte. Hy was ’n groot profeet. Het julle ooit geweet dat Jesaja die hele Bybel geskryf het, soos in ’n voorwoord Daarvan? Hy het. Jesaja begin by die skepping in die middel van die Boek kom Johannes die Doper, en die laaste in die Millennium. So hy . . . Daar is ses-en-sestig Boeke van die Bybel, en ses-en-sestig hoofstukke van Jesaja, so dit is net beslis ’n voorafskaduwing van die hele Bybel.

15 Nou laat ons lees uit die 6de hoofstuk.

> *In die sterfjaar van . . . Ussia het ek die Here sien sit op ’n hoë . . . verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het.*
>
> *Sérafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg.*
>
> *En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die* HERE *van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!*
>
> *En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword.*
>
> *Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is ’n man onrein van lippe en woon onder ’n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die* HERE *van die leërskare, gesien!*
>
> *Maar een van die sérafs het na my toe gevlieg met ’n gloeiende kool in sy hand, wat hy met ’n tang van die altaar af geneem het,*
>
> *en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen.*
>
> *Daarop hoor ek die stem van God . . . die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En vir wie sal . . . of wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.*

16 Ek wens ’n teks te neem, as ons dit so sou noem, oor die onderwerp van Invloed. Invloed is ’n groot ding. Ons word gesê deur, die Skrif, dat: “ons is geskrewe briewe, en gelees deur alle mense.”

17 En ons, as Christene, behoort altyd bedag te wees op wat ons doen en wat ons sê, dat ons volkome eerlik teenoor elke mens

is. En jy, as jy nie met jou medemens eerlik kan wees nie, sal jy beslis nie eerlik wees met God nie. So hoe ons God dien, is, ons dien mekaar. So eerlik as ek met jou sou wees, dis hoe eerlik ek met God sal wees. En dis net so met jou teenoor my. Ons moet eerlik wees met mekaar in al ons handelinge.

18 En iemand sien ons raak. Jy dink miskien nie so nie, maar daar is oë wat jou raaksien. En jou lewe beïnvloed iemand. Miskien is dit 'n kindjie, en daardie kind kan groot word om nog 'n Finney, of Moody, of sovoorts, te wees. Ons weet nie. Maar jou—jou lewe beïnvloed iemand.

19 En ons opset vanaand is nogal 'n groot opset hieroor, want sommer met die lees daarvan vanmiddag, toe ek studeer het, het ek gedink hoe groot God was.

20 Vanoggend, toe ek en my seun soort van om die—die blok geloop het, was daar soveel mense. Ons het daar om Times Square heen gegaan, want hulle het gesê hulle gaan dit afbreek. Ek dink die kon-. . . die—die werk het al begin. Toe het ek daarna gekyk, en ons het 'n paar foto's geneem. En die mense, 'n gedrang! Ek het gesê vir my seun, Billy, ek het gesê: "Waar gaan hulle almal heen? Wat is die haas? Hier is hulle, onderkant ons, aan die hardloop; en hier, aan die hardloop; en daar bokant ons, aan die hardloop. Ek . . . Waar gaan almal met soveel haas heen?"

21 En soos ons gestaan het, het ons dit gedink: "Hoe kan God die gedagtes van elke persoon ken? En hoe sou dit kon wees dat al die—die biljoene op aarde, en tog weet God van elke keer wat jy jou oog knip?" Hy is oneindig.

22 En as jy net wil weet, en net om dit te bevredig, as dit ooit in jou gedagtes opkom, gaan uit en kyk op na die sterre en wonder hoe Hy hulle almal beheer, dan sien jy watter klein takie hierdie sou wees. Wanneer daardie sterre, jy kan honderd-en-twintigmiljoen jaar van ligruimte sien, deur 'n verkyker; julle weet hoe vinnig lig beweeg, wel, jy sou 'n ry neges rondom die staat New York kon laat loop, dit sou dit nie in myle kon opbreek nie. En anderkant dit is net soveel as wat daar aan hierdie kant is, daar by Mount Palomar en Mount Wilson daar in Kalifornië, kan dit gesien word.

23 Dink daaraan hoe groot Hy is, en hoe Hy die aarde vashou! Hierdie aarde, of sou een van daardie sterre uit sy plek uit beweeg, miljoene en biljoene myle weg, sou dit hierdie aarde affekteer. Daardie hele sonnestelsel moet net op sy plek bly. En, sien, alles wat God gemaak het, soos hierdie, gehoorsaam God. Maar toe God die mens gemaak het, wil die mens skynbaar meer as Hy weet, julle sien; dis, ons is die enigstes uit ons plek uit. Hulle bly op hulle plek. En hulle moet op hulle plek bly, om met mekaar te koördineer.

24 Byvoorbeeld, die maan, as die maan ooit uit sy posisie sou beweeg, sou die aarde vol water wees, in 'n paar oomblikke. Sien,

die—die maan is—is nogal soos 'n waghond van die see. "Hy het sy perke gestel, wat hy nie kan oorskry nie." En wanneer die maan van die aarde af wegdraai, hier kom die getye in. As die maan dit nie aan die anderkant gevang het nie, sou dit die aarde oordek. Sien? So die maan stop en—en hy draai sy rug om na die anderkant van die wereld toe te kyk, en hier kom die water wat net vinnig inkom, en dan draai hy weer. Hy is Jehova se dienskneg. See stop en gaan weer na sy plek toe terug, omdat dit die volmaakte beweging van Jehova sien.

25 O, as ons in die kerk, as die ledemate van die Liggaam van Christus maar net so in harmonie kon werk, sou jy 'n groot en magtige Kerk van die lewende God sien, almal in een gelid, vervul met die Heilige Gees. Sou dit nie wonderlik wees nie? Elke lidmaat van die Liggaam funksioneer net presies op sy plek, elke gawe op sy plek, elke gawe help die ander, elke lidmaat help die ander, dit sou wonderlik wees. Dis wat ons wil sien. Maar ons sal dit eendag sien, en of dit reg is.

26 Nou, hierdie jong kêrel, Ussia, was die koning. Maar voor hy koning geword het. . . Hy was 'n koning gedurende die tydperk van Jesaja, die profeet. En hy was 'n herderseun, hy het van die buitelewe gehou. Hy was 'n groot invloed op—op Jesaja se lewe. Jesaja was ook 'n jong kêrel, maar net 'n jong profeet. En jy lees die storie, as jy Twee Kronieke 26 wil neem, sal dit jou vertel. Hoedat hy op die ouderdom van sestien, na die dood van sy regverdige vader, hy geword het. . . hulle hom geneem en hom koning oor Israel gemaak het. Op die ouderdom van sestien het hy begin regeer. En hy het die invloed van sy ouers gesien; sy moeder was 'n godsvresende vrou, en sy vader was 'n godsvresende man, voor hom. En, daarin, het dit die invloed op die kind geplaas om te doen dit wat reg was.

27 Ek sê julle. Ek dink, vandag het ons so 'n golf van jeugmisdaad regoor die nasie, maar, eintlik, dink ek dit het in die huis begin. Ek—ek dink die ouers het begin skietgee. En as die kind grootgemaak was in 'n goeie, outydse, godsvresende huis; ek sê nie dit sou alles verby gewees het nie, sekerlik nie, maar dit sou beslis daardie kind die regte soort invloed gee. Ek dink, baiekeer, dat, huise waar kinders verkeerd grootgemaak is, losgelaat op die straat, en net vir hulleself gelewe het terwyl die moeder in 'n kroegkamer bly, of die. . . en die vader, ensovoorts. Hulle sorg nie vir hierdie kind nie. Nog 'n ding, hulle is nie lief vir hom en gee hom nie die toegeneentheid, om hom te laat opgroei nie. Hy's jonk, jy moet hom leer om lief te hê en te respekteer, en om die Bybel te lees.

28 Ek dink aan Susanna Wesley. Ek dink sy het sewentien kinders gehad. Ek dink dis reg. Maar sy het, elke dag, twee uur of meer gevind om te bid. Daar by die—die soom van die rok, waaromheen die seuntjies gekniel het, het daaruit voortgebring 'n John en 'n Charles wat die koers van die wêreld verander

het, die wêreld gered het in daardie dag. En sy het nie 'n wasmasjien en 'n droër gehad, soos ons vandag het nie, en 'n skottelgoedwasser, ensovoorts, of 'n diensmeisie nie. Die ding wat . . . Sy het dit alles self gedoen, maar tog kon sy tyd vind omdat sy 'n paar kinders beïnvloed het wat uiteindelik die koers van die wêreld verander het. Ek dink dis die outydse moeder, die outydse huis, waar gebed en die verstaan van die Bybel.

29 Ek glo, Abraham Lincoln het nooit in sy lewe 'n boek besit, voor hy mondig was, behalwe die Bybel en . . . ek dink dit was óf die Foxe se Boek van Martelare . . . Ek mag nie, dit kon 'n ander boek gewees het. Ek dink dit was Pilgrim's Progress, na regte. Dit was Pilgrim's Progress en—en die Bybel. Sien julle watter soort karakter het dit gevorm?

30 Laat my net in jou huis ingaan en kyk watter soort prente jy teen jou muur het. Laat my na jou huis of jou kantoor gaan, en laat ons sien watter soort musiek speel. Sien? Wat jy lees, waarna jy kyk, kan ek jou redelik akkuraat sê wat aan jou binnekant is, sien, want dit voed daarop. Sien? En, o, vir 'n huis, as ons 'n huis meer lieflik gemaak het, sou kinders nie wou weghardloop nie. Maak dinge meer vir hulle, waar hulle welkom voel en lekker en gemaklik by die huis; waar, tuis, hulle skaars kan wag dat hulle daar kom. En dis hoe tuis behoort te wees.

31 En ek dink dis die soort huis waarin Ussia grootgemaak moes gewees het, vanweë die invloed van sy godsvresende ouers. En sodra hy koning geword het, het hy alle gewilde opinies geïgnoreer en alle politieke verskille, en sy gemoed op een ding ingestel: hy sou God dien, ongeag! Ons het 'n paar meer politici soos dit nodig. Hy, hy was vasbeslote dat hy God gaan dien, want dis hoe hy grootgemaak is, en sy vader gee hom die regte invloed, dat hy—hy God kon dien en leef.

32 En sy koninkryk was so groot dat, reken ek, dit naas Salomo se koninkryk was. Ek reken dis omtrent naas Salomo se koninkryk geag. Hoe het God hom nie geseën nie!

33 En dit was 'n groot invloed op hierdie jong profeet, Jesaja, wat destyds by die tempel was, of in die land. En hoe hy gesien is, en hoe God 'n man sou seën wat die regte standpunt ingeneem het, die regte ding gedoen het, die regte motief gehad het en die regte doelwit, en hy reg gedoen het.

34 Somtyds mag jy dink dit betaal nie. Maar dit betaal beslis. Dit moet betaal. Jy kan nie terselfdertyd oos en wes gaan nie. Jy kan nie terselfdertyd regs en links gaan nie. Jy mag dink jy gaan na die ander kant toe, maar jy gaan nie. So as jy jou—jou gedagtes en oë sal stel, en motiewe en doelwitte, in die lewe, op die regte ding, moet jy by die regte ding uitkom. Jy kan nie faal nie. Sien? Dis al manier. Maak nie saak hoe seer jy in die versoeking is om die ander kant te doen nie, draai jou kop weg daarvan af en doen wat reg is. En jy—jy weet jy's reg; jy voel beter, en jy is beter. En

dis maar al wat daaraan is, jy moet . . . jy gaan reg uitkom. Begin jy wes gaan, gaan jy nie—gaan jy nie noord gaan nie, jy gaan . . . jy gaan wes gaan. En dis net hoe dit is met reg en verkeerd.

35 En Jesaja het dit gesien, en hy het gesien dat God hom geseën het. En hoe hy . . . al die nasies, in die omstreke, sy roem het tot reg in Egipte gestrek. En hoedat die nasies nie oorlog met hom wou hê nie, hulle—hulle het gesien dat God met hom was. So hy sommer . . . Hulle het hom vredesoffers gestuur en troppe skape, en dinge, en—en gee dit vir hom, om vrede te bewerkstellig. En hy was 'n goeie man.

36 En ek glo as 'n nasie, of 'n volk, of 'n kerk, of 'n indiwidu, maak nie saak hoeveel die kritici jou kritiseer nie, doen net die regte ding. Hulle het 'n respek vir jou, diep onder in hulle hart. En ek het gevind dis die waarheid. Sien? En wees eerlik en wees eerbaar. Mense sal dit respek teer. En selfs al is hulle verkeerd, respekteer hulle dit steeds, sien julle, want dis—dis maar die menslike wese. Ons is almal menslik, en ons—ons weet dat daar 'n reg en verkeerd is, en ons moet dit vat.

37 En—en Ussia het hierdie standaard gehandhaaf. Hy was 'n groot invloed, soos ek gesê het, op Jesaja die profeet.

38 En toe het Ussia daardie fatale fout gemaak, net soos baie ander mense maak. Toe hy gerus geraak, gevoel het, gevoel het hy het die hele ding net in sy hand, het hy verhewe geraak in sy gees. Hy het verhewe geraak, tot trots. Nou daar is 'n werklike voorbeeld vir ons almal.

39 Weet julle, dis die probleem gewees. Ek—ek praat met Christene en—en predikers, en ek—ek wil eerlik wees oor hierdie dinge. En dis net waar baie predikers selfs 'n fout maak. Ons het soveel kere gehoor van die predikers, die—die dade wat hulle doen, en—en die dinge, sommige van hulle miskien om dinge te doen wat hulle nie behoort te doen nie. Ek dink somtyds, hulle is goeie manne, 'n wonderlike Christene wat gebruik is deur die Here. En dan uiteindelik kry hulle 'n klein koninkryk om hulle gebou, of 'n klomp invloed, baie mense woon hulle byeenkomste by, totdat hulle onverskillig raak, en hulle raak soort van verhewe. Die mense gee hulle applous en staan op, en—en ons—ons moet dit regtig nie doen nie. Ons, onthou, ons is almal net . . .

40 Daar is geen groot mense onder ons nie. Ons is—ons is almal maar net God se kinders, julle sien, as God sommige van ons een ding gemaak het en sommige 'n ander. Wel, Hy het my gemaak met 'n vinger en 'n oog, ensovoorts. Wel, ons moet mekaar waardeer, en dan nie groot probeer voel nie. Want, ons is almal verbonde aan een God, sien, en ons kom almal van een boom af. Sien?

41 En nou vind ons dat, baiekeer, predikers net 'n bietjie gerus begin voel, en hulle bly na buite aan die lei, en, voor jy jou kom

kry, sal hulle dinge doen wat hulle nie behoort te doen nie. En ons weet dat, baiekeer, sal regverdige en goeie manne so raak dat hulle te veel sosiale verpligtinge het, hulle wil net na groot partytjies toe gaan, en, voor jy jou kom kry, sal hulle 'n drankie vra, af en toe, en hulle raak verstrengel met die wêreld. En ek dink dis wat die probleem is met ons kerke vandag. Ek dink dis wat die probleem is met ons Pinksterbeweging.

42 Nou laat ek dit eers sê, duidelik. Sien? Julle hoor my dinge sê oor die Pinksterkerk. En ek is 'n pinkster. Sien? Maar, hier, wat as daar geen pinkstermense vanaand in New York was nie, waarheen sou ek gaan om hierdie Boodskap te preek? Sien? Ek waardeer die Pinksterkerkmense. Hulle is my broers en susters.

43 Maar tog, as ek iets verkeerd sien met my broer, my kind, of is dit my vrou, of wat dit ook al was, reg is reg. 'n Korrekte ouer sal hulle kinders teregwys.

44 En ek dink dat die probleem met ons kerk, ons probeer om te veel soos die—die ander te raak. Sien? Ons probeer optree soos iemand anders, julle sien, en—en ons begin hulle gewoontes aanleer. En voor jy jou kom kry, dit was altyd . . .

45 Ek onthou die Pinksterkerkmense met hulle begin natuurlik nie, hulle was baie jare gelede, in hierdie laaste beweging van Azusastraat, maar ek het die geskiedenis daarvan geneem. En ek—ek het baie boeke gelees, en het met sommige van die ou manne gepraat. Beplan juis nou om 'n ontmoeting te hê met een by Shreveport, Louisiana, hy sal daar wees, was een van die eerste manne in Azusastraat. En dit is dan die begin van die pinksterbeweging in hierdie land, omtrent iets in die vyftig jaar gelede, veronderstel ek. Ek het die goue herdenking gepreek by die Mc Pherson-tempel, Angelus Tempel in Los Angeles, 'n paar jaar gelede, die goue jubileum van die vyftigste jaar van pinkster, nou, julle sien.

46 Maar sedertdien, het daar soveel klein dingetjies in die kerk ingesluip, want die kerk moet skouer skuur met die wêreld elke dag. Nou, en ek bedoel nie om—om weer hierop neer te kom, op—op ons susters, sien, ons broers nie. Baiekeer, jare gelede was dit altyd, dat dit verkeerd was (want soos ek nou die aand gesê het) vir ons susters om hulle hare af te knip. Dit was altyd 'n —'n Pinkster aangeleentheid, dat hulle dit en daardie dinge nie moes doen nie. Maar wat is dit? Nou gaan ons na die verskillende dele van die land, en ons kry ons Pinkstersusters met daardie waterkop-haarstyle, julle weet, daardie groot haarstyle soos dit. En jy kan hulle daarvan sê. En hulle gebruik grimering. Hulle—hulle dra klere soos die man s'n.

47 En julle sê: "Nou, Broer Branham, pik jy op die vroue."

48 Nou wag 'n minuut, laat my op die mans pik. Die—die broer wat sy vrou dit sal laat doen, hy's nie veel van 'n heerser oor sy huis nie. Sien? Sien? Sien?

49 Julle behoort dit nie te doen nie. Maar wat is dit? Ons het skouer geskuur met die res van hulle, een of ander klein swakkeling kom in van een of ander kweekskool of skool af, en het ’n ander idee daaroor. Maar daar is net een volmaakte voorbeeld, dis, reguit terug na die Bybel. Die Bybel veroordeel dit, sien. En dis nie reg nie.

50 En dan vind ons ander dinge. Dit was altyd so dat dit verkeerd was vir die heiligsheidsmense om bioskope of films by te woon, weet julle. Nou gaan hulle die heeltyd. Sien? En toe het Satan julle een aangesit, het die televisie reg in julle huis gesit, en, sien, dit daarin gevestig. Maar al hierdie dinge, wat dit altyd verkeerd was.

51 Wel, wat is dit? Sien, dit kom so geleidelik in dat, voor jy jou kom kry, het dit jou net. Dis soos ’n rankloot wat om jou groei. Nou, as jy daardie rankloot van jou af sal weghou, sien, en net om Jesus gewikkel sal bly, om die Woord en Daarby sal bly, sien, sal jy regop groei. Daardie is die krom en dit trek jou van die pad af. Christus trek jou op. Daardie trek jou sywaarts.

52 En dan sien jy een vrou, soos ’n prediker se vrou, of ’n prediker begin ’n sekere ding doen, sal sy hele kerk sê: “Wel, ons pastoor doen dit. Die pastoor se vrou doen dit. Hoekom sou ons dit nie doen nie?” Sien, jy beïnvloed iemand, en wees seker jy beïnvloed hulle reg, na die regte pad toe en die dinge te doen wat reg is.

53 Nou ons vind uit, wanneer jy verhewe raak, net daar is jy op jou pad ondertoe, sien, wanneer jy jouself verhef.

54 En ons vind nou dat hierdie Ussia, hy het verhewe geraak omdat hy veilig gevoel het, alles om hom heen. Hy—hy het sy nasie gehad, en daar is goed na gekyk, en God het hom geseën. En hy het groot wingerde gehad, en troppe en skape, en—en myne, en alles weelderig. En al die nasies was in vrede met hom. Toe het hy—hy net verhewe geraak totdat hy gedink het hy kon net enigiets doen wat hy—hy wou, en hoogmoed.

55 Hy het so verhewe geraak dat hy probeer het om ’n prediker se plek in te neem. Hy het in die tempel ingegaan, en die wierookpan geneem en na die altaar gegaan. En toe hy het, het die priester agter hom aan gehardloop en hom gesê hy behoort dit nie te doen nie. En toe hy tereggewys is, in plaas van nederig te wees soos hy sou gewees het . . . Voor hy verhewe geraak het, sou hy gesê het: “Dit is reg, ek het geen—geen reg om dit te doen nie,” en die wierookpan neergesit het of aan die priester oorhandig het wat van Aäron was, bestem om so te maak, alleen toegewy vir daardie diens.

56 Ek reis heelwat met die—hierdie Volle Evangelie Sakemanne hier. Baie van hulle sit juis nou hier. En ek moet praat by hulle ontbyt, Saterdag, Saterdagoggend by een of ander . . . Wat?

Statler Hotel, dink ek is dit. Hulle het gesê hulle het alreeds sewentienhonderd kaartjies vir die ontbyt verkoop.

57 So dan, nie lank gelede nie, het ek met hulle gepraat. En hulle het die sakemanne daar op die platvorm geneem, neem hulle teks en verkondig die Evangelie. Ek het gesê: "Dis verkeerd." Dit is sekerlik verkeerd. Dis moeilik genoeg, vir ons predikers om Dit suiwer te hou; laat staan 'n sakeman vat wat nie gewy is vir soiets nie, dat jy klein ideetjies ensovoorts inbring. En ek het gesê: "Julle behoort dit nie te doen nie."

58 Moet nooit probeer om die ander ou se plek in te neem nie. God het jou 'n sekere ding gemaak, en bly jy dit. Vir seker. Bly jy net wat jy is. Moenie die ander probeer naboots nie. Dis wat altyd die gawes ruïneer wat God na die wêreld stuur. Ons vind soveel vleeslike nabootsings, en ons kry iemand wat probeer naaap agter die ander een aan.

59 Soos hulle gesê het by die dames-predikers, toe Mev. Mc Pherson gelewe het, en elke vroulike prediker daardie vlerke gedra het soos sy het, of wat dit ook al was, en hulle hulle Bybel ook so gehad het. En alles wat sy gedoen het, het hulle gedoen.

60 Ons let op ons het vandag soveel Billy Graham's! Maar julle sien, God het nooit behalwe net een Billy Graham gemaak nie. Dis al. Hy . . .

61 En jy's net so belangrik soos Billy Graham, Oral Roberts, of enige van daardie bekende manne. Jy's net so belangrik totdat jy uit jou plek uit raak, en dan is jy van glad geen nut nie, jy—jy's—jy's 'n hindernis vir—vir hierdie manne, en jy's 'n hindernis vir jouself en die Koninkryk van God. Bly in jou posisie. Sien? Bly wat God jou gemaak het, sien, en dan sal jy reg opereer.

62 Soos Paulus, dis niks nuuts nie, Paulus het dieselfde ding geleer, het gesê: "As die hand vir die oog sou sê: 'omdat ek nie van die oog is nie,' of die oor sê vir die neus: 'ek—ek sal nie meer 'n oor wees nie, omdat ek nie die neus is nie,'" of iets. Jy, jy kan dit nie doen nie. Sien, dit sit alles gepas inmekaar en beweeg as een groot eenheid.

63 En ons moenie probeer om enigiemand na te boots nie. Wees net wat jy is, sien, en dis hoe God jou gemaak het. Jy het nooit jouself gemaak nie. En, onthou, hoe graag ons predikers Billy Graham se plek sou wou inneem, kan ons dit nie doen nie, ook kan Billy Graham nie ons plek neem nie. Sien, ons, elkeen het iets om te doen. Die gewone outjie hier wat dalk 'n deurwag mag wees, die vroutjie wat miskien 'n huisvrou is, die grootste prediker op die aarde vandag sou nie jou plek kon inneem nie. Jy, God het 'n doel gehad met jou te maak wat jy is, en dien jy maar net vir God op daardie manier wat Hy jou gemaak het. Sien? En ek dink, as ons dit maar net sou doen, sou die wiele baie makliker rol. Ja, dit sou, as ons dit sou doen, nie verhewe raak nie. En ons vind uit, in plaas van . . .

64 Wanneer iemand iets sê vir iemand, Skriftuurlik, en ons sien dat dit reg is, in plaas van—van onsself te probeer verootmoedig, sê net: "Wel, nou, ek—ek was verkeerd. Jy moet my vergewe. En ek—ek het nie bedoel . . . Ek—ek het dit nie geweet nie, so ek sal net ophou om dit te doen." Wel, dan, in plaas van om dit te doen, te veel kere maak ons soos Ussia het; hy het gevoel asof hy te groot is om neergehaal te word, sien, hy was die koning. En baiekeer het ek predikers so gesien, wat gevoel het dat hulle net te belangrik is om gesê te word wat die Woord was, Waarheid.

"Wel, die dae van wonderwerke is verby!"

65 Ek kan jou wys waar God wonderwerke bestem het; nou jy kan nie vir my sê waar Hy dit ooit weggeneem het nie. Sien? En Hy het gawes bestem; jy het nooit gesien waar Hy dit weggeneem het nie. Sien, dis in die Skrif. "Gaan julle in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie aan elke skepsel." Hoe lank? "Na die hele wêreld, tot elke skepsel dit hoor, soveel as wat dit hoor. Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Sien, ons kan nie iets anders in die plek stel nie. Vat net wat Hy gesê het, en dit sal in orde wees en dit sal goed werk. Maar solank as ons probeer om ons eie maniere te aanvaar . . .

66 Dis waar Israel hulle mees roekelose fout gemaak het. Toe, genade hulle 'n Vuurkolom voorsien het, Engel, 'n offerhande, en hulle verlos het, hulle 'n profeet gestuur het, hulle 'n Vuurkolom gestuur het om hulle te volg, om die profeet op die weg te lei. En toe hulle kom by, Eksodus die 19de hoofstuk, toe hulle genade vir wet geruil het, het hulle die mees roekelose ding gedoen wat hulle ooit gedoen het. Sien? Maar hulle wou iets hê wat hulle self kon doen.

67 Dis hoe ons is. Ons moet ons doktorsgraad hê. En het jy dit nie, kan jy nie in die kerk inkom nie. Dis al. So, en ons moet die ding bestudeer en uitvind of dit van God is.

68 Nou vind ons uit, Ussia het verhewe geraak, en hy gaan dit in elk geval doen. Hy het die wierookpan opgeraap en afgesit. Dit het geen verskil gemaak wat die priesters gesê het nie, hy sou in elk geval ingaan! En dit was teen die Skrif. Dit was nie skriftuurlik vir hom om dit te doen nie.

69 Dis nie skriftuurlik vir my en jou om iemand anders na te boots nie. Reg. So wees wat jy is, en wees 'n goeie een, en vervul jou doel sodat ander jou kan sien. As jy 'n huisvrou is, wees 'n ware een, sien. As jy 'n—'n eggenoot is, wees 'n opregte, sien. En as jy 'n diaken is, wees 'n opregte; of 'n prediker, wat jy ook al is. Maar moenie iemand anders se plek probeer inneem nie.

70 En dan, wanneer die Woord jou neerhaal hieroor, moenie . . . As jy wel tereggewys voel, bekeer jou dan. Dis al, is kom reg. Dis al ding om te doen.

71 Maar Ussia wou dit nie doen nie. Nadat God hom geseën het op die manier wat Hy het, en tog het hy nie gevoel asof hy dit sou

wou doen nie. Hy het gedink hy sou voortgaan, dit in elk geval doen, omdat hy gevoel het hy is veilig. Maar terwyl hy was in die. . . Dit het hom soort van kwaad gemaak vir daardie manne, ook, wat hom die Woord van die Here gesê het.

72 En toe hy het, het hy ingehaas, in elk geval, en ons vind uit dat melaatsheid in sy gesig gekom het. En hy was 'n melaatse tot hy gesterf het. Hy het nooit meer na die huis van die Here kon gaan nie. Hy het gesterf, 'n melaatse. Nadat hy die hand van God gesien het, en hoedat God so goed vir hom was en die dinge gedoen het wat Hy het; tog het daardie man gesterf, geïsoleer, melaatse.

73 Nou ons kan dit doen. Ons het baie dinge gesien, maar jy moet nooit dink dat ons so veilig is dat God nie oordeel op ons kan plaas nie, sien. Sien?

74 Onthou, moenie enigiemand anders probeer naboots nie. Wees net wat jy is. As God jou 'n pinkstermens gemaak het, wees jy 'n ware een, sien jy. As—as God. . . Moenie skaam wees daaroor nie. Ek's nie skaam om 'n mens te wees nie. Ek nie skaam om 'n Amerikaner te wees nie. Ek—ek's nie skaam om 'n prediker te wees nie. Ek's nie skaam vir die Evangelie wat ek verkondig nie. Omdat. . .

75 Ek weet baie van hulle dink dat ek van my kop af is. Selfs my goeie ou regverdige moeder, wat 'n paar jaar gelede oorlede is. Toe ek die eerste keer die Heilige Gees ontvang het, was daar nie een in ons land wat enigiets daaromtrent geweet het nie. En ek was net 'n plaaslike, klein, jong Baptiste prediker, omtrent twintig jaar oud. Maar toe ek die Heilige Gees ontvang het, het my moeder gesê: "Daardie seun is van sy kop af." Sien? Maar maak nie saak wat moeder gedink het nie, ek het daardie Pêrel van groot waarde gevind. Dit mag vir haar so gelyk het, maar vir my was Dit werklik. Sien, Dit was. Dit was die egte iets wat—wat ek in God gevind het.

76 Want, ek het altyd geglo, van 'n seun af, dat hierdie die Woord van God was, en Dit kon nooit verander nie. Jesus het gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verander word nie. Dit sal nooit verbygaan nie." Jy kan Dit nie met enigiets vervang nie. Dis net soos Dit geskryf is, en dis hoe ons Dit glo. Moenie iets byvoeg, of iets Daarvan wegneem nie. Julle weet, daar in die Boek van die Openbaring, het Dit gesê: "Wie ook al 'n woord sou byvoeg, of enigiets uit hierdie Boek sou neem, (wat?) die vloek sou op hom wees." So hou dit net soos Dit is, en glo Dit so, en God sal dit eer.

77 Nou hy is getref vanweë sy verheffing van hoogmoed. Het die gevoel gekry dat daar was. . . hy was die enigste een wat daar was, en hy sou doen wat hy wou doen en niemand anders kon hom keer nie.

78 Ons het 'n broer gehad, nie lank gelede nie, wat ek so jammer gevoel het vir hom. Het gelyk of almal op hom afgekom het. Hulle het die broer beskuldig van iets verkeerds te gedoen het, wat die koerant dit beskuldig het. Maar ek-ek het begin dink daaroor, die man beskuldig? Ek het werklik opgestaan vir hom, want . . . Ek—ek het sekerlik nie met hom saamgestem nie. Maar die man wat die artikel geskryf en dit in 'n tydskrif geplaas het, dat hierdie man al hierdie verskillende dinge gesê het en daardie dinge gedoen het.

79 En een aand by 'n diens in-in Minneapolis, het hulle my gesê dat die skrywer van hierdie tydskrif daar was. En die artikel het pas deurgekom in Christelike tydskrif, so ek . . . Dit was 'n "Christian digest." So ek . . . Hulle, hulle het die man uitgewys vir my, gesê: "Dis hy wat daar sit." En hy het dit in hierdie artikel gehad, dat hierdie prediker iets geskryf het, 'n boek wat hierdie man nie geskryf het nie. Ek weet dit. 'n Dame het daardie boek geskryf, en ek het die dame geken. Biting Of Devils.

80 Toe het ek—ek gesê: "Wel, nou, een ding wat ek sou sê. Nou, ek mag van die prediker verskil, maar ek dink, as die—as die redakteur van hierdie rubriek, as hy nooit sy geskrif enigsins beter nagegaan het as om te sê dat hierdie man hierdie artikel geskryf het nie, en ek weet dat hy dit nie gedoen het nie, sien, dan is ek bevrees 'n klomp ander dinge wat hy oor hierdie prediker gesê het, is verkeerd." En toe het ek dit gesê: "Ek sou liewer selfs verkeerd bevind wou word, deur iemand gered te probeer kry, as om te probeer om iemand te hinder wat probeer om iemand gered te kry." Ja.

81 Ek sou liewer die man se plek probeer neem, enige tyd, as probeer kritiseer of afbreek wat iemand anders aan die opbou is, selfs al het hulle—hulle 'n fout gemaak of iets verkeerds gedoen. So ons moet oplet, ons beïnvloed ander deur wat ons doen.

82 Toe, toe hierdie man getref is deur hierdie melaatsheid, toe hy verhewe geraak het met hoogmoed, was dit 'n groot les vir daardie jong profeet. Hy het uitgevind, deurdat hierdie 'n groot les vir hom was, dat God Sy man na die plek beveel. Sien? Die mens kan homself nie beveel nie. God beveel Sy man. God maak jou wat jy is. Sien? En God beveel Sy man, en hy moenie 'n ander se plek probeer inneem nie. En dit was 'n les vir Jesaja, dat hy nie sy oë op mense moet rig vir 'n voorbeeld nie. Hy moet sy oë op God rig.

83 Nou dis ons. Enige mens, enige mens is onderhewig aan foute. Hy is onderhewig daaraan om te fouteer omdat hy menslik is. Hy is geneig tot verkragting van God se wette. En hy is geneig tot baie dinge, omdat Satan hom versoek, en hy is maar net 'n menslike wese. En as God ooit Sy hande sou lig, sou hy val. Dis al.

En ek het mense hoor sê: "O, Satan kan dit nie doen nie."

84 Ja, laat jy, God Sy hand net eenkeer lig, en kyk wat gebeur. Dis 'n. . . Ek pleit voortdurend: "God, moet hom nie stuur nie. Wees my genadig. Hou hom van my af weg," sien julle. Ek—ek het God se genade nodig. En ons het dit almal nodig.

85 Nou vind ons dat, Jesaja, hy het swaar geleun op die goeie koning se arm, en nou is die arm van hom af weggeneem; en die koning was dood, en het aan melaatsheid gesterf, in skande. Nou, Jesaja, gedurende sy tyd, het die koning verhewe geraak, wel, toe sou sy jong seun sy plek inneem. En ons vind uit dat—dat die mense in 'n—'n vreeslike immorele fase geraak het.

86 Wanneer daar geen werklik godsvresende leier is nie, dan begin die mense in onsedelikheid verval. Ek dink dis wat vandag met ons die probleem is, in ons nasie, in ons kerke en dinge. Ons het godsvresende leiers nodig, iemand wat 'n voorbeeld stel.

87 En, maar Hy laat hier vir Jesaja weet dat hy nie na mense kan opsien nie. Toe het Jesaja, eendag, soos hy rondgedwaal het, moes hy heel moeg geraak het, synde bekend dat hy 'n groot verantwoordelikheid gehad het, het hy daar na die tempel toe gegaan om te bid. Nou dis 'n goeie ding om te doen, vir almal van ons. Gaan daar na die tempel om te bid.

88 En ons let daarop toe hy daar by die altaar aan die bid was. Ewe skielik, synde 'n profeet, het hy in 'n visioen geraak. En, toe hy het, het hy opgekyk en hy het God, die Koning, sien sit ver omhoog, verhewe, bo-op Sy troon, en Sy some het die plek gevul, sien julle. Toe het hy 'n werklike voorbeeld gesien. Hy het Een gesien in Wie hy sy vertroue kon stel, wat nooit deur melaatsheid getref kon word nie, Een wat nooit kon faal nie. Met ander woorde, Hy het vir Jesaja gesê: "Kyk, jy het jou hoop op een of ander mens gestel, en dit het gefaal. Jy plaas jou. . . het gekyk na hierdie man as 'n voorbeeld, en—en hy het gefaal. Nou kyk op Hierheen, na My, Ek's die onfeilbare God."

89 En ek—ek dink dis wat ons vandag moet doen, as Sy diensknegte, behoort na Hom te kyk. Jesus is ons voorbeeld. En ons moet kyk na Hom, die Outeur en Beïndiger van ons geloof.

90 Nou vind ons uit, in hierdie visioen, dat hy God hoog op 'n troon verhewe gesien het. Toe het hy 'n ander ding opgelet. Let op, rondom Hom was, en in die tempel waarby Hy was, was hierdie Hemelse Sérafs.

91 As julle daardie woord sou nagaan, ek dink dit word net omtrent een of twee keer in die Bybel gebruik. En dis—dis nie Gérubs nie, maar dis naas Gérubs. Iets soos 'n Engelagtige Wese; en tog is dit nie 'n Engel nie, en dit is 'n Engel, maar dis 'n spesiale Persoon. Wat Hulle is, Hulle is 'n verbrander van offerhande, in die Bybel. En waar die offerhande, natuurlik, inbring of inlei die. . . 'n weg berei vir die sondaar, na heiligheid. En hierdie Sérafs brand die offer wat vereis was, Hulle—Hulle het gegaan na die. . . Dit was Hulle plig.

92 En hier het Hulle deur die tempel gevlieg terwyl Jesaja in die visioen was, en die hele tempel het vol rook geword. En Hulle het geroep, Een vir die Ander: "Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig! Heilig, heilig, heilig!" O, met ander woorde: "Daar is Iets wat nie kan faal nie. Daar is jou voorbeeld. Daar is die Koning om na op te sien. Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig!"

93 En ons vind nou dat dié sesvlerkige wesens was. En nou gaan ons die rede om ses vlerke te hê nagaan. Hulle het gehad, vind ons uit, Hulle het twee oor Hulle gesig gehad, twee oor Hulle voete, en het met twee vlerke gevlieg.

94 Nou let op, eerste, dat hierdie wesens bedien het in die Teenwoordigheid van God. En dit was Hulle plig, was te roep: "Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig!" En Hulle het geroep, dag en nag, in Sy Teenwoordigheid, soos die offerhande daar lê. "Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig!"

95 En ek wil hê julle moet hier iets oplet, en dink. Daardie Sérafs het twee vlerke oor Hulle gesigte gehad. Waarom sou Hulle hulle oor Hulle gesigte sit? Omdat hulle in die Teenwoordigheid van God was. En dink net, as heilige Engele Hulle gesig moet bedek, in Sy Teenwoordigheid, wat van ons? Het die vlerke oor Hulle gesigte, het eerbied voorgestel.

96 Maar, vandag, vind ons daar is geen eerbied nie. Jy kan skaars eerbied vind. Hulle het geen respek vir God nie. Hulle staan en sing God Seën Amerika, met hulle voet op die kroegreëling. En dis verskriklik soos wat hulle maak.

97 Ek het 'n toebroodjie gaan vra, vandag, in 'n—in 'n plek. En die dametjie, maak geen aanmerkings op haar nie, maar ek het gedink sy was sterwend. Sy het gelyk asof sy kanker het onder haar oë, sy het blou reg rondom haar gehad. En—en sy draf nader, met net 'n paar kledingstukke aan, en sy het gesê: "Wat wil jy hê?"

98 Ek het gesê: "Sal jy vir my 'n toebroodjie bring en 'n—'n—'n—'n—'n glas karringmelk?"

En sy het gesê: "Bourbon" op iets, een of ander soort.

99 Ek het gesê: "Nee, dame. Jy het my misverstaan." Ek het gesê: "Ek het gesê: 'karringmelk.'"

En sy het gesê: "O," gesê: "wil jy nie iets te drinke hê nie?"

Ek het gesê: "Ek wil karringmelk hê."

100 En sy het gesê: "Wel, julle almal, wil jy nie hê . . . Saans bedien ons so-en-so."

Ek het gesê: "Ek is 'n prediker."

101 Sy het gesê: "Wel, ons . . . Wel, ons Katolieke priesters kom hier in en drink."

102 Ek het gesê: "Ek—ek's nie 'n Katolieke priester nie, dame. Ek—ek wil . . . Ek wil 'n glas karringmelk hê." Dit het gelyk of dit die vrou geskok het. Sy het nie geweet wat dit was nie. Sien?

103 En die wêreld het in so 'n plek beland. Nou as die priester inkom en drink, het die gemeente 'n reg om te drink; daar is jou voorbeeld, sien. O, goeiste, in watter korrupsie leef ons nie! Ons het 'n huisskoonmaak nodig; heelpad van die preekstoel af tot die . . . Ja. Ja, meneer, ons het beslis. Hoe die korrupsie van die wêreld!

104 En hierdie, geen eerbied, geen respek nie! Die mense vandag, hulle respekteer God nie. Hulle het geen eerbied nie. Hulle gebruik Sy Naam ydelik, en vertel vuil grappe. En—en selfs predikers doen dit. Hoor jy 'n—'n grap, skat ek sou in orde wees. Maar predikers behoort voorbeelde te wees, dink ek, van wat van—van geregtigheid en heiligheid. En dis die rede, dink ek miskien, dat ons—ons nie verder kom as wat ons kom nie; ons is nie, raak nie hierdie, die erns wat ons daarin behoort te hê nie. Wanneer jy voortgaan, en tekere gaan, verloor jy daardie tikkie erns, julle weet. Daar is iets daaromtrent.

105 Jy moet onthou dat God jou raaksien, elke uur. Hy sien jou raak wanneer jy slaap. Nou, ek dink waarom mense daardie dinge doen is omdat hulle—hulle, hulle is nie bewus van Sy Teenwoordigheid nie, sien. Maar tog is Hy daar, of jy dink Hy is of nie. Hy sien elke kyk wat jy gee, en elke—elke skuif wat jy maak. Hy weet alles daarvan. Maar ons behoort dit te besef.

106 Ons het altyd 'n liedjie gehad, toe ek die eerste keer tussen die Pinkstermense gekom het, het hulle gesing.

> Al die tyd langs die weg na die siel se verblyf,
> Is daar 'n Oog wat jou sien;
> Ieder tree wat jy gee, sien die Oog vir jou raak,
> Daar is 'n Oog wat jou sien.

Sien? Onthou julle die lied? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou dit is waar.

107 God se alomteenwoordigheid weet wat jy doen, en selfs jou gedagtes. Eenkeer, terwyl ek in 'n visioen was, het ek gepraat met 'n Wese wat by my staan; en Hy het teruggesê, Hy het gesê: "Jou gedagtes is luider in die Hemele as wat jou stem op die aarde is." Hy weet wat jy dink. Jy kan sê jy—jy doen dit en jy doen dat, en dit, maar, jy sien, daar in jou hart, as jy anders dink, doen jy—jy iets verkeerds. Jy behoort te wees net wat jy is, sien, die—die hart. Die mond behoort te praat wat in jou hart is. Sien? En so vind ons dat die mense die—die Teenwoordigheid van God nie besef nie.

108 Weet julle, hulle behoort soos Dawid te wees, die man was na God se hart. Hy het gesê: "Die Here is altyd voor my." Waar hy ook al gaan, onthou hy God is altyd voor hom. "Hy is aan

my regterhand, en ek sal nie wankel nie," omdat God aan sy regterhand is.

109 Eerbied! Ons behoort mekaar te eer, mekaar te respekteer, as broer, suster. En wees lief vir mekaar, met onsterflike liefde. Jy sê: "Wel, ek kan net nie." Wel, bly net 'n bietjie langer hier, en dan sal jy van mense ook hou. Jy sal hulle liefhê, wat jou nie liefhet nie. Dis regtig 'n goeie teken van Christelikheid: wanneer jy, uit jou hart uit, diegene wat jou nie liefhet nie, kan liefhê. Wees lief vir diegene wat liefde nie waardig is nie.

110 Jesus het gesê: "As jy guns bewys aan dié wat jou guns bewys, wel, die tollenaars doen dieselfde ding." Maar, sien, jy moet gaaf wees teenoor hulle wat nie gaaf is teenoor jou nie. Doen goed aan dié wat jou kwaad sou aandoen. Onthou dit altyd. Hou dit voor jou, dat God jou raaksien. Onthou, God was goed vir jou toe jy kwaad teenoor Hom gedoen het. "Terwyl julle nog sondaars was, het Christus vir julle gesterf."

111 Nou vind ons uit, dat, hierdie vlerke oor Hulle gesigte was omdat Hulle in die Teenwoordigheid van God was, eerbiedig. En as 'n heilige Séraf Sy gesig moet verberg agter spesiale bedekking, die Een wat geen sonde het nie, nooit gesondig het nie, maar tog in die Teenwoordigheid van die Heilige God Sy heilige gesig moet bedek in die Teenwoordigheid van God, wat gaan 'n huigelaar op daardie Dag doen? Wat gaan die afvallige doen op daardie Dag? Wat gaan die goddelose doen op daardie Dag, wanneer jy kom? En jy sal Hom tegemoet moet gaan.

112 Daar is net een ding. Jy sê: "Maar Hy het nooit vir my vlerke gemaak om my gesig te bedek nie." Maar Hy het die Bloed van Sy Eie Seun vergiet waarmee jy jou gesig kan bedek. Dis reg. Dis Sy enigste bedekking wat Hy vir die menseras het, is die Bloed van Jesus Christus.

113 Nou, tweedens, het Hulle Hulle voete met vlerke bedek gehad, onder Hulle voete. Nou dit het nederigheid voorgestel. O, daar is 'n woord wat vandag verlore is, vir baie mense. Nederigheid in Sy Teenwoordigheid. Verootmoedig onsself in Sy Teenwoordigheid.

114 Ek het die Heilige Gees in die kamer sien inkom en—en optree en presies die dinge doen wat die Bybel gesê het Hy sou doen, onderskei, en ek het mense sien opstaan en uitstap. Ek het mense gesien sit en gesels, en lag en spot Daarmee, terwyl dit aan die gang was.

115 Ek onthou een aand, 'n prediker het agt-en-twintig van sy gemeente gebring, en het gesit. Dit was by Jonesboro, Arkansas.

116 En hulle het 'n epileptiese seun gehad, hy het epilepsie gehad. En dis 'n duiwel. Dis 'n duiwel. Dis wat dit is. Hulle, dokters weet nie wat dit veroorsaak nie. Dis 'n—dis 'n duiwel. En hulle sit 'n . . . het 'n wasgoedpen met 'n—'n—'n lap daarom gedraai gehad; wanneer hy hierdie stuipe gekry het, sou hulle dit in die seun se

mond prop, omdat hy sy tong so sou kou. En hulle het die seun nadergebring, en—en hy het hierdie stuipe reg op die platvorm gehad. Natuurlik, as hulle die minste opgewonde raak, sal hulle in een ingaan. Toe terwyl ons gereed maak om vir die seun te bid, het ek gesê: "Sal almal hulle hoofde buig in eerbied?" En ek—ek het vir hom gebid, en die—die gees wou die seun nie verlaat nie.

117 En ek het rondgekyk, en ek het 'n groepie op 'n plek sien sit. Ek het gesê: "Sal julle julle hoof buig?" Ek het gesê: "Julle moet gehoorsaam." Ek het gesê: "Dit was die opdrag: 'As jy die mense kry om jou te glo, en dan opreg wees as jy bid.'" Ek het gesê: "Sal jy jou hoof buig?" Daardie kêrel het net vir my gelag.

118 En toe het ek omgedraai, maar, hierdie, dit wou die seun nie verlaat nie. En nou dit was honderde mense, vyf maal wat vanaand hier sit, het daar gesit, ja, baie maal. Hulle het beweer daar was agt-en-twintigduisend mense daar. So—so daar was—daar was, hulle was almal . . .

119 En toe het ek gesê: "Ek—ek sou dit nie doen nie, meneer." En hy het behoort aan 'n—'n denominasie kerk wat bloot eenvoudig gelag het vir Goddelike genesing, nie glo daar is so 'n ding nie.

120 Toe het ek omgekyk. Daardie arme seun, sy keel oop. En sy moeder probeer skree, huil so. En die seun probeer sluk, en gaan tekere.

121 Ek het gesê: "Hemelse Vader, moenie laat hierdie onskuldige seun moet ly vir daardie skuldige groep nie, sien." Ek het gesê: "Dit was U—U Woord, en ek—ek was eerlik en het hulle gesê. En soveel van die epiliptici is hier by die diens genees." Ek het gesê: "Moenie laat hierdie onskuldige seun moet ly nie. Die moeder en vader het hom hierheen gebring. Ek bid om genade."

122 Toe het ek omgedraai, ek het gesê: "In die Naam van die Here Jesus, deur geloof, deur my opdrag aan my gegee deur die Almagtige God, kan hierdie duiwel nie hierdie seun hou nie. Jy het die keuse, sien. As die ongehoorsame ongehoorsaam wil wees, dan het jy die keuse om na hulle te gaan, maar kom uit daardie seun uit."

123 En ek het agt-en-twintig mense, met hulle pastoor, in epilepsie sien val, net daarrond en daarrond, en daarrond en daarrond, so op die vloer. En sover ek weet, het hulle dit nog steeds, sien.

124 Nou, julle sien, jy moenie oneerbiedig wees nie. Julle moet julleself verootmoedig. Hoeveel van julle was in dienste en het soortgelyke dinge sien gebeur in my dienste? Sommer, wel, sien. Sekerlik. Ja, meneer.

125 Eenkeer het hulle 'n man gebring om my te hipnotiseer. Ek skat baie van julle onthou dit. En hulle—hulle sou hom daar na militêre kampe neem, en—en vat die soldate en hipnotiseer hulle, laat hulle soos 'n hond blaf. En hulle wou bietjie pret maak met

my. Toe was ek in 'n ouditorium, en hulle het hierdie man gebring. En—en ek het gevoel, toe die gebedsry begin het, daar was 'n bose gees êrens.

126 Jy kan dit altyd agterkom en daardie twyfel. Hulle dink hulle doen dit nie. Dit was. Jy kan dit aanvoel. Dis anders.

127 So ek kon toe sê waar dit was, maar ek kon nie sien presies waar die man was nie. Na 'n ruk, het ek dit gevind en ek het gesien wat dit was. Ek het daardie donkerte dopgehou wat oor hom hang. En ek wou dit nie sê nie, maar het net na hom toe omgedraai, gesê: "Kind van die Duiwel," sien: "waarom het die Duiwel dit in jou gedagte gesit om dit te doen? Omdat hy dit gedoen het," Iets in my het dit gesê: "sal hulle jou hier uitdra." En hy is steeds verlam. Sien?

Brief na brief: "Kom na hom toe!"

128 Ek het gesê: "Al ding wat ek weet, is bekeer jou. Sien, ek het dit nooit gedoen nie. Dit was jou oneerbiedigheid voor God." Sien? Nou julle moet dit nie doen nie. Ons is . . .

129 Ons het in tye geraak dat mense dink dat hierdie heiligheid voor God is sommer 'n soort van 'n bespotting, of een of ander soort van 'n—'n klomp mense wat nie weet nie, een of ander kultus of 'n klas, of iets. Maar laat ek jou verseker, broer! Daar mag 'n klomp bespotting wees. Ek—ek sê nie daar is nie; ek—ek—ek kan dit nie sê nie. Ek's net 'n mens. Ek is geen beoordelaar nie. Ek moet net preek. Maar daar is 'n egte Heilige Gees, egte apostoliese Krag van die Heilige Gees. En in vreemde lande, en toordokters en goed staan op, daardie duiwels, om uit te daag. O, as ons maar net sou . . . Ek sou my onderwerp hier kon onderbreek, om julle oor daardie dinge te gaan vertel. En wat? Die Heilige Gees, nooit 'n enkele keer het ek Hom ooit sien faal om dit te doen nie. Hy sal dit elke keer doen.

130 Let nou op, Hulle plaas, het vlerke oor Hulle voete gehad vir nederigheid. Ons hou nie daarvan om onsself te buig nie. Ons wil graag dink ons is iemand.

131 Ek onthou hier nie lank gelede nie, was ek in 'n klein museum, en—en hulle het die—die ontleding gehad van 'n man wat honderd-en-vyftig pond weeg, wat sy liggaam werd was in chemikalieë. Ek meen dit was vier-en-tagtig sent, 'n man wat honderd-en-vyftig pond weeg, sy—sy chemikalieë van sy liggaam. Hy het bietjie kalsium gehad, en 'n—'n bietjie genoeg kalk om miskien 'n hoendernes te bespuit, ensovoorts. Dis net mooi omtrent al wat hy—hy in hom gehad het, het honderd vier-en-tagtig pond geweeg . . . of ek bedoel vier-en-tagtig sent, het honderd-en-vyftig pond geweeg.

132 Daar het twee jongmanne daar hierna gestaan en kyk. En ek het reg agter hulle gestaan, toe een van hulle gesê het: "Wel," gesê: "John, ons is per slot van sake nie veel werd nie, is ons?" En hy het gesê: "Ek skat ons is nie."

133 En ek het gesê: "Wel, kêrels, dit is waar, sien, jy's nie veel werd in chemikalieë nie. Maar jy het 'n siel in jou wat 'n miljoen wêrelde werd is, sien." Dis reg. Sien?

134 Maar tog ons—ons wil sorg vir, ons kry die trots in hierdie vier-en-tagtig sent, draai dit toe in 'n vyfhonderd-dollar jas, en—en stoot ons neus in die lug op, en dink ons—ons doen iets. Ek bedoel nie om snaaks te wees nie. Dis nie om 'n grap te maak nie. Dit, dit is net vir julle sê wat ons is. Sien, ons is—ons is—ons is . . .

135 Ons het nie die nederigheid nie. Ons wil nie, en mense wil nie. Jy gaan somtyds na 'n werklik welgeklede mense in die kerk, hulle—hulle sal inkom; en as jy nie net reg aangetrek is nie, sal hulle na jou kyk en praat, julle weet. En dit maak sy . . . Hulle behoort dit nie te doen nie, en bely Christelikheid. Ek—ek—ek dink dis bloot 'n te kenne gee en nie 'n in besit wees nie. Want ek glo dat 'n—'n regte outyds ondervinding met God, sal 'n aandpakbaadjie sy arms om 'n oorpak laat sit, en sê: "broer." Ek—ek glo dit werklik. Dis 'n ware. 'n Katoenrok met 'n sy een, sal "suster" noem. Ja, meneer. Want dit is nie die klere nie, dit is nie die persoon nie. Dis Christus, wat aan die binnekant is, en ons behoort onsself te verootmoedig.

136 Nou ons vind uit dat, dis, hierdie Engele het Hulle voete bedek, of hierdie Sérafs.

137 Moses, toe hy in die Teenwoordigheid van God was, daardie, kyk na hom by daardie Vuurkolom wat destyds daar in daardie brandende bos was, waaruit die Here gepraat het. En enigeen weet daardie Vuurkolom was Christus, Hy was die Engel van die Verbond. "Moses het Egipte versaak, het die smaad van Christus groter rykdom geag as dié van Egipte." So, Dit was die Engel van die Verbond. En toe Hy verskyn het in daardie brandende bos aan die sy, wel, voor Moses, en die Stem gesê het: "Trek jou skoene uit." Jou voete, sien. "Trek jou skoene uit, want die grond waarop jy staan, is heilig." Moses het homself verneder, deur sy skoene uit te trek.

138 Daardie selfde Vuurkolom het aan Paulus verskyn op die pad na Damaskus, eendag.

139 Onthou, Jesus, toe Hy op aarde was. Hulle het gesê, eendag het hulle gesê daar was . . . In Johannes 6, hulle het uit die fontein gedrink, en was verheug. En Hy het gesê: "Ek, Ek is die Water wat uit daardie Rots kom. Ek is die Brood van die Lewe, wat uit die Hemel kom," sien julle, so-iets.

140 Hulle kon dit nie glo nie. Hulle het gesê: "Wel, hier! Ons weet U het 'n duiwel, en U is mal," dit beteken gek. "Want, U is nie eens vyftig jaar oud nie, en U sê U het Abraham gesien?"

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK. Ja, IS EK."

141 Nou ons sien dat, dat Jesus gesê het: "Ek kom van God. Ek gaan na God toe." Toe hierdie Vuurkolom vlees geword het, God van die Vaderskap gekom het, [Leë kol op band—Red.]. . . Seunskap, en toe Hy in hierdie eienskap ingekom het. Dis drie eienskappe; Vader, Seun, en Heilige Gees. Toe God in vlees gemanifesteer is, het Hy gesê: "Ek kom van God. En Ek gaan na God toe," en Hy het opgevaar.

142 En—en Saul van Tarsus, op sy pad daar na Damaskus, is hy neergefel deur 'n Lig. En toe hy is, het hy opgekyk. En daardie Jood sou nooit enigiets "Here" genoem het as Dit nie daardie Vuurkolom was nie. Hy het daardie Lig daar gesien, en hy het gesê: "Here, Wie is U?"

Hy het gesê: "Saul, dis swaar vir jou om teen die prikkels te skop."

En hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Sien, weer die Vuurkolom.

143 Kyk na Saul, het homself verneder in die stof, sien, in die Teenwoordigheid van God. Nederigheid! Van sy voete af geslaan, lê dalk op sy rug, kyk op.

144 En daardie Vuurkolom beweeg daarrond, hy het gesien en geweet. As 'n leraar onder Gamaliël, die groot leermeester van daardie dag, het hy geweet dat God Sy mense gelei het in vorm van 'n Vuurkolom. En daardie Vuur, Vuurkolom, het vlees geword en onder hulle gewoon, en is gekruisig vir hulle sondes, "en Ek kom van God; en gaan na God terug," en hier was Hy, steeds in die Naam van die Here Jesus.

145 En dan vind ons dan daarin, later net daarvoor, Johannes die Doper, die grootste van al die profete. Al die profete het gespreek van Hom wat kom; Johannes het gesê: "Dit is Hy." Hy, hy het Hom aan die wêreld voorgestel. En Johannes het daar in die water gestaan, toe hy gedoop het, en hy—hy het gesê: "Daar kom 'n tyd wanneer die daaglikse offerhande van die tempel geneem sal word, en daar sal 'n Mens 'n offerhande wees." En Johannes was seker dat hy die Messias gaan sien.

146 Julle sien, toe Johannes geroep is, sy vader was 'n priester. Maar gewoonlik het 'n seun die beroep van sy vader gevolg, in daardie dae, en doen dit steeds in die Ooste. En gevolglik sou hy 'n priester gewees het. Maar Johannes het nooit na die skool toe gegaan nie. Want, Johannes is gebore, van sy moeder se skoot af: "vol van die Heilige Gees."

147 Toe, Elisabet verwag het en die baba in haar skoot dood was. Toe Maria deur die Engel, Gabriël, besoek is, en haar gesê het dat haar niggie, Elisabet, wat verby die kind-kry ouderdom was, ook sou verwag. En Maria het heengereis om haar te ontmoet. En sy het haar weggesteek, en sy was bekommerd omdat die baba vir ses maande nie beweeg het nie, en dis abnormaal. En toe sy

Maria sien kom het, het sy uitgehardloop en haar ontmoet, en haar omhels. En sy het gesê, begin praat. En—en sy het gesê: "Ek weet sy gaan moeder word." Sy het gesê: "Ja, en ek—ek gaan ook moeder word."

"O, ek skat jy en Josef is getroud."

"Nee, nee. Ons is nog nie getroud nie."

"En jy gaan moeder word?"

148 "Ja. Die Heilige Gees het my oorskadu, en het gesê daardie heilige Ding wat uit jou gebore sou word, in my, sou die Seun van God wees, en ek moet Sy Naam 'Jesus' gee."

149 En net sodra daardie Woord "Jesus" gespreek is vir die eerste keer deur 'n menslike lip, het 'n baba wat nog nooit enige lewe daarin gehad het nie, lewe ontvang in sy moeder se skoot en van vreugde begin spring. En as die Naam van "Jesus Christus" lewe sal bring na 'n dooie baba, wat behoort Dit nie te doen vir 'n wedergebore kerk, wat daarop aanspraak maak om met die Heilige Gees vervul te wees nie? Sien?

150 Nou watter soort seun behoort dit te wees? Hy sou die komende Messias aankondig. Maleági 3 het gesê hy sou. "Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig."

151 Nou, as hy daar na die kweekskool toe sou gegaan het. Sommige van die predikers daar, het gesê: "Nou, Johannes, jy moet die Messias aankondig. Wel, jy—jy weet Oom Joe hier, of—of—of Vader Jim, of sommige van hulle, weet jy, het al die—die—die—die kwaliteite om die Messias te wees. Dis hy, Johannes." Dit, dit, sien, hy sou deur mense beïnvloed gewees het.

152 Hy het in die wildernis ingegaan, en hy het by God gebly. Dis die beste kweekskool waarvan ek weet. Want, sy taak was te belangrik vir sommige manne om hom voor te sê, en hom na groot sosiale geleenthede uit te neem. Sien, hy het 'n—'n werk gehad, hy was bestem vir iets. En Johannes het geweet dat wanneer hy uitkom, om te preek, dat die Messias toe op die aarde was.

153 Net so seker as daardie wyse manne geweet het, toe hulle daar van Babilon af gekyk het en daardie drie sterre in lyn gesien het, dit was die teken die Messias is alreeds op aarde. Dis waarom hulle uitgeroep het: "Waar is Hy, gebore Koning van die Jode?" En die kerk het nie die antwoord gehad nie. Hulle het dit vandag nie. Die Bybel is dit wat dit het. God se Woord is wat dit het. Dis reg.

154 Ons vind uit, by alles, dat Johannes die Messias moes aankondig. En hy het. . . Hy sou daardie Messias slegs aan 'n teken herken. Dis hoe hy die Messias herken het. Dis die enigste manier waarop God Homself ooit bekend maak; deur 'n Skriftuurlike teken. En hy het dopgehou. Hy het daar gestaan, hy het gesê. . .

Hulle het gesê: "Is jy die Messias?"

155 Hy het gesê: "Nee. Ek's nie waardig om Sy skoene aan te raak nie." Hy het gesê: "Maar Hy is Een. . . Daar staan Een onder julle."

156 O, goeiste, moenie dink ek is (nie) opgewonde nie! Ek weet waar ek is. Nee, maar dit voel sommer net goed wanneer ek daaraan begin dink, sien: "daar's Een onder julle." En ek sê dit vanaand. Daar is Een onder julle, die groot Heilige Gees wat beloof is om in die laaste dag uitgestort te word. Ek sien Sy teken voortdurend, en ek weet Hy is die Messias omdat Hy steeds die Messias teken doen.

157 Daar het Hy onder hulle gestaan. Hy het gesê: "Daar is Een onder julle. Ek's nie waardig om Sy skoene aan te raak, om Sy skoene los te maak nie. Hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur."

158 En eendag, aangestap vanuit hulle midde, kom 'n gewone Man, het uitgestap. Johannes het opgekyk, en hy het gesê: "Aanskou, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." En toe hy het, het hy gesien. Hy het gesê: "Ek het Hom herken omdat daar 'n teken Hom gevolg het." En kyk hier, daar's twee van die grootste manne op aarde, staan aangesig tot aangesig. Johannes. . .

159 Ek onthou Doktor Roy Davis, wat my in die Sending Baptiste kerk bevestig het, hy het gesê: "Weet jy, wat daar gebeur het, Billy," gesê: "wat gebeur het. . . "

160 Toe Johannes gesê het: "Ek het nodig om deur U gedoop te word, en waarom kom U na my toe?" Kyk na die nederigheid van Johannes. Hy het gesê: "Ek—ek het nodig om deur U gedoop te word, waarom kom U na my toe? Daar was die Messias en Sy profeet, die sleutelfigure van die dag, die sleutelfigure van die Bybel, het daar gestaan, Een het na die ander gekyk. Johannes in nederigheid, het gesê: "Ek het nodig om deur U gedoop te word, waarom kom U na my toe?"

161 Jesus het gesê: "Laat dit toe, want so betaam dit ons om alle geregtigheid te vervul." En, het gesê, Johannes het Hom toegelaat.

162 Ek onthou Doktor Davis. Hy kan dalk aanwesig sit. Doktor Davis, gooi jou dit nie voor die kop nie, maar ek—ek—ek. . . Hy het gesê: "Johannes, eers het Jesus vir Johannes gedoop, omdat Johannes nie gedoop was nie." En het toe gesê: "Toe het Johannes vir Jesus gedoop." Dit het nooit net reg vir my oorgekom nie.

163 Toe eendag terwyl die Heilige Gees naby was, en in 'n visioen, het ek gesien wat dit was.

164 Daar was Johannes en Jesus, het van aangesig tot aangesig gestaan, die profeet na wie die Woord gekom het. En die Woord het na die profeet gekom. Amen. En Hy het gesê: "Laat dit toe. Dit was reg. Laat dit toe. Maar so betaam dit ons om alle

geregtigheid te vervul." Die profeet het geweet dat dit die Lam was, en die Lam moet gewas word voor Dit aangebied word. Amen. Toe het hy dit gedoen. Sien dit? Die profeet, synde die Woord, en Dit het na hom toe gekom.

165 ['n Suster spreek in 'n ander taal. 'n Broer gee 'n interpretasie—Red.] Amen.

166 Johannes, die profeet. Die Woord kom na Sy profeet. En die Woord het presies na die profeet gekom. "Dit is gepas," dit sê betaam, wat beteken: "pas ons dat ons alle geregtigheid vervul."

167 O, hoe sou ek die teks nou vir 'n minuut kon los, hoe dit gepas is vir ons om alle geregtigheid te vervul! Die uur is hier, iets, ons moet alle geregtigheid vervul. Ons weet wat om te doen. Sien, ons behoort dit te doen, dis reg, glo met ons hele hart.

168 Let op, dan, vind ons dat Johannes homself verootmoedig het in die Teenwoordigheid van God.

169 Wat die ding is, mense, my broer, suster, en vriende, is om bewus te wees van jou geringheid. Sien? Moenie bewus wees van hoe groot jy is nie. Wees bewus van hoe gering jy is. Jy's—jy's klein. Ons is almal so. God kan sonder ons klaarkom, maar ons kan nie sonder Hom nie. Sien? Sien? Ons, ons kan nie sonder Hom klaarkom nie, maar Hy kan sonder ons klaarkom.

170 God probeer net een persoon vind wat Hy in Sy hande kan kry. Hy het dit altyd probeer doen. Let julle op, daar regdeur die Bybel, toe Hy 'n Jesaja gevind het, toe Hy 'n Jeremia gevind het. Dan het Hy gevind—Hy het Simson gevind, eendag; maar Simson het sy krag aan God gegee, maar hy het sy hart aan Delila gegee. Sien, hy . . .

171 Jy moet jou alles aan God gee; jou eerbied, jou respek, jou alles wat jy is. Wees net niks, sien net hoe gering jy is, en dis wat God wil hê ons moet doen. En dis ware nederigheid. Dis hoe hierdie Sérafs in Sy Teenwoordigheid is, sien julle, met Hulle gesig in eerbied, bedek; Hulle voete, in nederigheid.

172 Nou, derdens, Hulle kon vlieg. Hulle het twee vlerke gehad wat Hulle tot aksie kon laat oorgaan.

173 God toon hier aan Sy profeet watter soort dienskneg Hy voorberei het, eerbiedig, nederig, en in aksie. Dit, sien, dis 'n ware dienskneg van God, dié wat na Hom opsien. Hy het na Hiskía opgesien wat verhewe geraak het, en deur hoogmoed geval het. Maar 'n dienskneg, Sy diensknegte daar voor Hom, is eerbiedig, nederig, en in aksie. Sy diensknegte, dis hoe hulle beklee behoort te wees; beklee met eerbied, nederigheid, en voortdurend met die Vader se sake besig. Ja, meneer. Eerbiedig, nederig, in aksie.

174 Net soos die vroutjie, van wie ons nou die aand gepraat het, by die put. Nou, sy was 'n klein voorbestemde saadjie wat in haar hart gelê het, maar, sodra daardie Lig daarop geflits het en sy

gesien het dit was die Messias, het dit haar nie lank geneem om tot aksie oor te gaan nie. Sy het selfs die waterkruik vergeet wat sy in haar hand gehad het. Dis hoe gou sy tot aksie oorgegaan het. Sy moes die mense vertel. Sy moes iemand anders vertel, want sy was seker dat sy die Messias gevind het. In die stad is sy in, en gou het sy tot aksie oorgegaan, mense vertel.

175 Dit was Petrus, toe hy heelnag vis gevang het, en op die wal gesit het daardie oggend. Toe Jesus sy skuit geleen het, en 'n entjie van die wal af gestoot het, en vir die mense gepreek het. En toe het Hy vir Simon gesê: "Stoot af na die diep, en laat sak vir die trek. Laat sak."

176 Wel, Simon het gesê: "Ek's 'n visserman. Ek—ek weet wanneer die maan en tekens reg is. Ek weet wanneer die vis loop. Ek—ek is gebore hier op hierdie meer. Ek het heelnag vis gevang en nie eens 'n vissie gekry nie. Ek het niks gevang nie." Gesê: "Daar is geen vis daarin nie. Maar op U Woord," daar het jy dit: "sal ek die net laat sak." O, jy kan . . .

177 Ons kan hierdie dinge, jy, nie ontsyfer nie. En God is by ontsyfer verby. Jy moet Dit glo, sien. God word nie geken deur kennis, nie deur geleerdheid nie. Hy word geken deur geloof, en slegs geloof.

178 "Op U Woord! Ek weet daar is geen vis daar nie. Maar U Woord, as U gesê het 'laat sak, daar is vis daar,' sal U, sal geloof dit daar plaas. Dis al. Ek sal die net laat sak."

179 As mense hier sit, wat siek is en—en hulp van God nodig het, as jy sê: "Ek was al deur elke gebedsry, ek—ek het alles gedoen, maar, op U Woord, gaan ek die net laat sak. Ek kom sommer nou, en ek gaan dit ontvang. Ek glo ek is in Sy Teenwoordigheid. En ek's . . ." En herken dit, met nederigheid, en opregtheid en eerbied. Laat sak die net. Kry 'n houvas daarop. God het so gesê, en dit maak dit so!

180 En ons vind uit dat, sodra hy, synde 'n visserman en weet wat dit is om—om 'n goeie skuitvrag vis te vang, en hy was 'n arm man, maar hy het gou tot aksie oorgegaan toe Jesus gesê het: "van nou af aan sal jy mense vang." Dit het hom nie baie lank geneem nie. Hy het homself verootmoedig, voor Christus neergeval, gesê: "Gaan weg van my af, Here; ek's 'n sondige mens." Het gesê: "Ek—ek—ek kan net nie in U Teenwoordigheid bly nie."

181 Dieselfde ding wat Jesaja gedoen het. Hy het gesê: "Ek's 'n mens van sondige lippe, en ek woon tussen sondige mense." O, in watter toestand was hy nie!

182 Petrus het dieselfde ding gesê, en hy het homself verneder, op sy aangesig neergeval en die Here gevra om hom te verlaat. Hy het gesê: "Vrees nie, Petrus, van nou af gaan jy mense vang." En hy het heel spoedig tot aksie oorgegaan.

183 Eenkeer, was daar 'n blinde man wat Jesus genees het. Dit het hom nie baie lank geneem om tot aksie oor te gaan nie; hy het tot aksie oorgegaan, Sy roem oral versprei. Iemand kom nader en het gesê: "Wel, wie het jou genees?", het die priester gesê. Hy—hy het gesê, hom vertel Wie hom genees het.

184 Eers het hulle die vader en moeder gevra. En die moeder het gesê . . . Nou, wel, hulle was bang, omdat as—as enigeen Jesus bely het, wel, hulle sou hulle uit die sinagoge sit. En hulle het dit op hulle arme seun teruggegooi. Hulle het gesê: "Hy is mondig. Vra hom."

En hy het gesê: "Een, Jesus van Násaret, het my genees."

185 Hy het gesê: "Wel, gee God lof!" Het gesê: "Ons, ons doen dit. Ons weet niks omtrent hierdie Jesus van Násaret nie." Gesê: "Hy is 'n sondaar. Gee Hom geen lof nie; gee dit alles aan God. En nou weet ons nie van waar Hy kom nie."

186 Wel, hierdie blinde het 'n baie goeie vraag vir hulle gehad. En hy het gesê: "Dis 'n baie snaakse ding. Dat julle almal die geestelike leiers is vandag, en hierdie Man het my verblinde oë geopen, en ek is blind gebore, en tog weet julle nie van waar Hy kom nie. Sien, nou dis 'n baie snaakse ding."

187 Sou ek dieselfde ding kon sê? Die einste God wat belowe het om op Sy kerk te kom, in hierdie laaste dag, en hulle het nie die antwoord nie. Die een wat ontvang, het die antwoord.

188 Het gesê: "Of Hy 'n sondaar is of nie, dit kan ek nie sê nie. Maar een ding weet ek; waar ek eenmaal blind was, kan ek nou sien."

189 Eens was ek 'n sondaar; ek's gered deur die genade van God. Ek weet iets het met my gebeur. Ek . . . daar het iets gebeur. Jy kan dit noem "holy-roller", of jy kan dit noem wat jy ook al wil, maar Dit het my gered, dertig-en-enige jare gelede. En dit raak heeltyd beter, so ek—ek geniet dit.

Iemand het gesê: "Jy het klaar gek geraak."

190 Ek het gesê: "Wel, los my dan uit. Ek's op hierdie manier beter af as wat ek op die ander manier was, so laat my net bly soos ek is. Ek voel beter so, en vaar beter. Ek kan meer doen." Ja, meneer.

191 Hy het dadelik tot aksie oorgegaan. Ja, meneer, hy het Sy roem oral versprei.

192 Die mense by Pinkster, sodra hulle gesien het dat God Sy belofte gehou het! Jesus het gesê: "Kyk, Ek stuur die belofte," die Skrif: "die belofte van My Vader op julle. Maar vertoef julle," dis wag: "wag daar by die stad Jerusalem totdat julle toegerus is met Krag van Omhoog."

193 Nie die eerste gebedsry, of die eerste keer deur nie, maar bly net daar totdat dit gebeur, sien. "Totdat," nie een dag, twee dae, of tien jaar nie: "net totdat dit gebeur." Bly totdat!

194 En toe hulle met die Heilige Gees vervul is, het hulle heel gou tot aksie oorgegaan; uit in die strate in, en het uitgeroep, en gedans, en opgetree soos dronk mense, en gepraat in ander tale, en watter tekere ganery! Hulle het heel gou tot aksie oorgegaan; sodra hulle hulleself verootmoedig het, ingegaan en die deur toegemaak, en gewag het op die Woord van God.

195 O, wat ons gesien het, vriende! Ek weet dit word laat en ek wil julle nie langer hou nie. Maar, kyk! Wat ons gesien het, in die—in die laaste paar jaar, behoort elkeen van ons tot aksie te laat oorgaan. Dit behoort ons tot aksie te laat oorgaan. Wat? Eerste, ons eerbiedig maak, nederig, en in aksie. En liefde wat in ons harte brand, probeer ons bes, vir 'n verlore wêreld wat ons sien. En sien die tekens dat God. . . Selfs tot op, sover ek weet, die heel laaste een wat die Kerk gaan ontvang voor die vuur uit die hemele val. Dieselfde Vuurkolom wat destyds daar in die wildernis gesien is, dieselfde Een wat Paulus neergefel het, is dieselfde Een wat selfs Sy foto Daarvan geneem gehad het, doen net hier dieselfde ding wat Dit daar gedoen het, selfde Messias.

196 As jy die lewe van 'n pampoenrank in 'n waatlemoenrank sou sit, sou dit pampoene dra. As jy die lewe van 'n wingerdloot in 'n —'n—'n peerboom sou sit, sou dit druiwe dra, omdat dit die lewe is wat daarin is.

197 En as dit wat ons sien en ken, duisende rondom die wêreld ken Dit, wetenskap het Daarvan getuig, oral, die foto's is geneem. Dis nou net hier. Dit is waar, so waar. Dis nou net hier! En as Dit nie dieselfde soort lewe dra wat Dit het toe Dit in die persoon, Christus Jesus, was nie, as Dit nie dieselfde ding in Sy Kerk doen nie, dan is dit verkeerd. Maar as Dit dieselfde lewe dra, moet dit dieselfde Vuurkolom wees wat Israel gelei het. Dit lei ons na die Beloofde Land. "In My Vader se huis is baie wonings," die belofte wat Hy ons gegee het en Dit lei ons daarheen. En ons sien dit ten volle bevestig, God se Woord wat gemanifesteer word. Die verlamdes loop, die dowes hoor, die blindes sien, die dooies word opgewek; die gedagtes van die hart kan nie verberg word nie, dit word net na vore geroep, die einste werke wat Hy gedoen het. Wat is dit, een of ander mens? Dis die Messias! Dis Messias, God, die Heilige Gees, selfde Een. Dit behoort te plaas . . .

198 Die Pinksterkerk, in plaas van Dit te probeer kritiseer, behoort dit tot aksie oor te gegaan het, oral, met nederigheid en liefde, Dit te probeer toon aan 'n verlore en sterwende mensdom. Ons behoort Dit te respekteer. Ons behoort Hom lief te hê. Onsself verootmoedig, onsself eerbiedig maak, en in aksie wees soos daardie Sérafs was, met eerbied en nederigheid. Duidelik bevestig, aan ons belowe in die laaste dae, en hier is Dit! Ons sien Dit. Jesus het so gesê, het gesê Dit sou gebeur. Hier is Dit, net voor dit uitgebrand sal word. Daardie teken van Sy Koms bewys dat die Koms nou net voor hande is. Dit sou te eniger tyd

kon kom. Ek sien niks om die Wegraping van die Kerk net nou te verhinder nie.

199 Wel, die teken, die merk van die dier is aan die ander kant, onthou. Sien, die afvalligheid, dit kom in dan as die kerk. Wag nou, ek, dalk het ek miskien iets gesê. Dis my manier van dit in te sien, sien. En hou dop.

200 Woord vir woord, is dit alreeds vervul. Dit behoort ons tot aksie te laat oorgaan. Dis presies reg. Ons behoort elke verlore siel na die Koninkryk van God te kry, wat ons kan. Omdat, een van die dae gaan jy hulle bring en dit sal geen nut hê nie. Die deur sal toe wees, daar sal nie meer wees nie. O, hulle mag verstandelik opgewerk wees, en opgewonde, en uitroep, en op-en-af spring, en hierop aanspraak maak, weet julle. Maar toe die slapende maagd kom Olie koop het, het sy Dit nooit gekry nie. En het julle ooit 'n tyd gesien, in die hele geskiedenis van hierdie laaste dae, dat daar ooit 'n tyd was dat die Presbiteriane, Lutherane, alles anders, probeer om na die pinkster Boodskap te kom? Wat het Jesus gesê? "Terwyl hulle kom om te koop, was dit 'n tyd dat die Bruid ingegaan het," die wyse maagd ingegaan het. Hulle het nie die Olie gekry nie. Hulle het Dit nie gekry nie. Dis al. Dis volgens die Skrif.

201 En julle sien hierdie tekens en hierdie ander dinge, alles sit reg in orde vir Sy Koms.

202 Die sewende waak, kom Hy in. Sommige het aan die slaap geval in die eerste waak, tweede, derde, vierde, vyfde. En in die sewende waak kom daar 'n uitroep: "Aanskou, die Bruidegom kom!" Die sewende kerkeeu, dis die waak, die tydperk wat dit aanskou het. En hierdie is die Laodicése Kerkeeu, aan die einde daarvan. Amen. O, dis . . . Waarom wil julle nie ontwaak nie, julle heiliges van die Here, waarom sluimer wanneer die einde nader?

203 Maar, onthou, die kerk in die Laodicése Tydperk gaan louwarm raak. Hy het gesê: "Omdat jy sê dat jy 'ryk' is, en—en jy het 'verryk geraak'." En het gesê: "Jy weet nie dat jy naak, blind, arm, ellendig is, en dit nie weet nie." Gesê: "Ek sal julle uit My mond uitspuug."

204 En hier is ons by die einde van alle dinge, einde van geskiedenis, einde van beskawing. Julle kan sien. Kyk buite op straat.

205 Ek het gesels met die huurmotorbestuurder, het my hierheen gebring. Hy het gesê: "Wel, al manier wat ek kan sê, wanneer ek 'n man hierrond normaal sien optree, weet ek hy's 'n vreemdeling." Sien? Nou, dis een van julle huurmotorbestuurders wat dit gesê het. Gesê hulle sou . . . manier.

206 Dis nie net hier nie, maar dis oral. Die end van alles; hoe wreed, manne, en allerhande bose dinge, en wat hulle doen. Die wêreld is verdraai. Kyk buite op die strate. Kyk net daarna, o,

goeiste, oral! Nie net in Amerika nie, oral, wel, dis 'n—dis 'n moderne Sodom.

207 Daar is niks wat oorbly nie, behalwe om verbrand te word. En, dis al, dit sal skoongemaak word. God sal dit doen. Sy wette vereis dit. Dit moet so gedoen word. Wanneer 'n mieliestronk sy lewe uitgeleef het, moet dit vernietig word. Wanneer 'n blom sy lewe uitleef, moet dit sterf. En beskawing het sy tyd uitgeleef. Die kerkeeu het dit uitgeleef. Die denominasies het dit uitgeleef.

208 Dit is 'n verenigingstyd. Daar is 'n Verenigde Nasies, verenigde kerk, en verenigde poging. Waarvan is dit 'n teken? Christus en Sy Bruid wat verenig. Dis wat dit is. Dis alles afskaduwings en tipes. Alles wil vakbonde vorm, so dis 'n teken. Christus maak gereed om met Sy Bruid te verenig, 'n Bruilofsmaal vind plaas in die lug, so dit behoort die kerk tot aksie te laat oorgaan wanneer ons die tekens van Hom hier voorhande sien. O, goeiste! Al hierdie dinge is tekens vir ons, oral. O, ons behoort in aksie te wees!

209 Ons, soos die profeet van ouds, Jesaja, ons sien waartoe selfverhefde mense kom. Ons sien wat, hierdie organisasies wat opstaan en sê: "Wel, omdat julle nie aan ons behoort nie, is julle nie eens daarin nie," ons sien wat met hulle gebeur. Wat verloor hulle? Net asof hulle getref is met sondige melaatsheid, met ongeloof, hulle—hulle verloor hulle houvas op die Woord van God. Sommige van hierdie mense probeer, hulle verruil, verloor hulle houvas op die Woord, en ruil Dit vir belydenisse. Wat kry hulle self? 'n Gemors van melaatsheid. Dis reg.

210 Soos Ussia van ouds, probeer die plek inneem van gesalfde amp, en het niks behalwe 'n doktorsgraad, of iets nie. God soek nie na doktorsgrade nie; Hy soek na verootmoedigde harte, iemand wat Hom sal glo. Maar ons het mense gevat en hulle opgevoed tot biskoppe en alles anders, kardinale en wat nog, het hulle genoeg opgevoed om 'n Goddelike amp te beklee met 'n opvoeding van vleeslikheid. Ons het die doop van die Heilige Gees nodig, om daardie amp te beklee. Die Heilige Gees is ons Leermeester. Hy is die Een wat Homself bekend maak onder ons, die teken van die uur, die laaste dae. Maar ons, soos Hiskía, verhewe, hulle dink net hulle kon hulle plekke inneem.

211 Kyk wat het die uitwerking van die visioen aan die profeet gedoen. Nou, hy was 'n profeet. Hy was 'n werktuig vir die Woord van die Here om na toe te kom. Hy was gekies, 'n gebore profeet. Het uiteindelik sy lewe gegee, in stukke opgesaag met 'n saag. Maar ons vind uit dat hierdie groot profeet, toe hy hierdie visioen uit die Hemel gesien het, en die orde gesien het, hoe God Sy manne aan voorberei was, wel, dit het die profeet genoop om te bely dat hy 'n sondaar is.

212 En ons wil so groot wees, en een of ander soort groot omgedraaide kraag dra, 'n soort klere, julle weet, wat ons so

heilig en eerbiedig laat lyk. Daar is geen heiligheid by ons nie. Ons kan nie heilig wees nie; heiligheid is van God. Sien? Sekerlik. Dit is nie 'n heilige kerk nie, is nie 'n heilige berg nie; dis 'n heilige God. Dis reg. Nie heilige mense nie, 'n heilige God! Dis God in die mense. Petrus het verwys na die Berg van Verheerliking: "die heilige berg," dit het beteken die heilige God was op die berg. Kyk nou daarna, sien. Maar dit was 'n heilige God daar, die Teenwoordigheid van God, wat dit heilig gemaak het.

213 Dis die Teenwoordigheid van God nou in ons midde, wat heiligheid bring, nie my heiligheid nie, nie jou nie, maar Sy heiligheid. Sy Teenwoordigheid is dit wat die heiligheid bring. Ons behoort onsself te verootmoedig, onsself in eerbied, nederigheid te beklee, en te sê: "Here Jesus, ontvang my in U Koninkryk." Sy heiligheid, nie ons s'n nie. Heilige Gees!

214 Die profeet het bely, het hom genoop om te sê: "Ek's 'n mens van onrein lippe." 'n Profeet! God, ons het nog so 'n visioen nodig! Toe hy gesien het daarbo, die . . . hierdie reinigende Krag van God gesien het.

215 Kyk nou hoe God gemaak het. Hy het een van die Sérafs gestuur en het die tang gevat, 'n warm kool van die altaar afgeneem en dit in Sy hande gesit, kom lê Jesaja se kop agteroor en het sy lippe aangeraak, gesê: "Jou ongeregtigheid is weg."

216 Toe het Jesaja nog 'n les geleer. Ek kan dit hier inglip. Mag dalk nie baie toepaslik wees nie, maar ek meen dit is. Het julle opgelet, God reinig Sy profete deur Vuur, nie deur teologie of 'n boek van een of ander aard nie. Sien? Hy reinig Sy mense deur Vuur, Heilige Gees en Vuur; nie deur verklaring van geloofsbelydenisse, of boeke of iets wat jy moet leer, 'n klomp gebede ensovoorts nie. Hy reinig hulle met Vuur van die altaar af. Dis hoe Hy hom in orde kry. Ja. Ja, meneer. Dis hoe Hy Sy profete in die begin gereinig het, toe honderd-en-twintig in 'n bo-kamer was, het die Heilige Gees geval, en Vuurtonge het op hulle gaan sit. Hulle is gereinig en was gereed vir diens. Dis hoe God reinig. Nie deur geleerdheid, kry 'n Baccalaureus Artium, of 'n D.D., Ph.D. nie; maar Heilige Vuur uit die Hemel te kry, wat die leuen van jou lippe afhaal, en die vleeslikheid uit jou uitneem, daardie goed wegbrand, daardie afsaksel van—van die wêreld, en Sy Teenwoordigheid daarin plaas en deur daardie persoon lewe. Heilige Vuur is waarmee God Sy Kerk reinig. Jesaja het dit geleer. Ons behoort dit te leer, dat God nie deur kennis reinig nie. Hy reinig deur Vuur.

217 Julle sien hoe hy is, 'n profeet wat in orde gebring is. Hoe Hy sy lippe gereinig het, sy ongeregtigheid weggeneem het. Dan, nadat hy het, hy bely het, homself verootmoedig, hy het gesê: "Ek is 'n mens van onrein lippe," toe hy die Teenwoordigheid van God gesien het.

218 Volg julle my? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wat weet, wat weet ons juis nou? Ons is in die Teenwoordigheid van God. Dis reg. Ons sit juis nou. Het julle . . . Ons kan dit nie verstaan nie, maar ons is nou in die Teenwoordigheid van God, sien God. Glo julle Hy is hier? ["Amen."] Sekerlik, is Hy hier. Ons . . . [Leë kol op band—Red.]

219 Ek is julle broer. Maar Hy het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal Hy . . . julle ook doen." Is dit wat Hy gesê het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. As Hy hier is, is Sy Gees hier. Dis wat Hom maak. Dan as ons onsself kan oorgee en ons gedagtes laat wegraak. Net soos hierdie geen gedagte het nie, dan kan 'n ander stem daardeur praat. Dis die manier. As ons onsself kan ontledig. Daar is die geheim, raak ontslae van jouself! Dan raak God . . . Raak ontslae van jou eie denke. Raak ontslae van jou eie maniere, en laat God dan beweeg. As Hy Jesus Christus is, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, glo julle dit? ["Amen."] Glo julle Hom net nou en kyk of dit is.

220 Ek het hierdie kêreltjie dopgehou wat hier sit, net hier voor my. Jy het nie 'n gebedskaart nie. Jy, as God my sal sê waarvoor jy daar sit, glo jy dit? Dis 'n geestelike probleem, jy's heel verstrengel en jy weet nie wat om te doen nie. As dit reg is, steek jou hand op. Goed, dis alles verby. Neem die Woord, wat ek gesê het, en dis alles verby.

Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

221 Daardie gekleurde dame wat daar reg agter sit, daar na hom toe kyk; het hartprobleme. Glo jy dat God jou gesond sal maak? Sekerlik. Glo jy? [Die suster sê: "Amen."—Red.] Goed, jy kan jou genesing kry.

Glo julle Hy is dieselfde gister, en . . .

222 Daardie man, daardie witman met sy hand omhoog, glo jy ek is God se profeet, Sy dienskneg? Ek ken jou nie. Jy's 'n vreemdeling vir my. Het jy gebedskaart of iets? Jy's net 'n man wat hier sit. Goed, meneer, jy het 'n gewas in jou keel. Dit is reg. Is dit reg? Glo jy ek is Sy profeet? Glo jy my met jou hele hart? Jy het nog 'n, jy het 'n las op jou hart. Dis oor 'n dogtertjie, jou kleinkind. Sy het 'n swak hand. Dis reg. Is dit waar? Daar is 'n goeie verbinding. Net 'n minuut. Jy's nie van hier nie. Jy's van Connecticut. En jou naam is Wilson. Jou voornaam is Art. Art Wilson. Dis presies reg. Is dit waar?

Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Reg!

223 Daar sit 'n dame reg hieragter, 'n gekleurde dame, lyk asof iets soos 'n geel jas aan het, ja, likeursgroen. Sy bid. Het 'n gebedskaart? [Die suster sê: "Het nie een nodig nie!"—Red.] Het jy nie 'n gebedskaart nie? Jy het nie. Glo jy ek is Sy dienskneg? Ek's 'n totale vreemdeling. Ons is twee rasse mense. Jy, maar jy bid. Dis jy. Ja. Glo jy dat God my jou probleem kan sê? Jy het 'n gewas. Dis reg. Jy het ook iets op jou hart. Jy bid. Dis 'n vriend,

het nierprobleme. As dit reg is, steek jou hand op. Goed. Jy kan nou jou versoek kry.

224 Ek daag julle geloof uit! Wat is dit? Toe die profeet gesien het dat hy in die Teenwoordigheid van God is, het hy hom verootmoedig. Kyk, eers het hy hom verootmoedig, toe het die Vuur hom gereinig. En na die Vuur hom gereinig het, toe was dit 'n gereinigde Jesaja. Toe hy die Stem van God gehoor het, het gesê: "Wie sal vir My gaan?" het hy tot aksie oorgegaan: "Hier is ek, stuur my." O, goeiste!

Toe die Vuurkool die profeet geraak het,
Maak dit hom so rein as rein kan bly,
Toe die Stem van God gesê het: "Wie sal vir ons gaan?"
Het hy geantwoord: "Meester, hier is ek, stuur my."

225 Amen. Dit was die uitroep van die rein Jesaja, nadat die Heilige Gees hom gereinig het. Hy het geen kweekskoolondervindings nodig gehad nie, hy het geen boekeondervindings nodig gehad nie. Hy is gereinig deur die Vuur van God, en tot aksie geroep. Wat was dit? Toe hy God in aksie gesien het, het hy tot aksie oorgegaan.

226 Ons sien God in aksie. Dis tyd vir die kerk om tot aksie oor te gaan en voorbeelde te wees van wat God is. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hoeveel weet nou al julle verkeerdhede is alles bely, en sê: "God, reinig my"?

Genees die jongman.

Toe die Vuurkool die profeet geraak het!

227 Laat ons op ons voete staan. Ek sal net hier ophou, dit raak laat. Glo nou met julle hele hart.

228 Ek wil hê julle moet julle hoofde buig. Onthou, nadat hy God gesien het! Daar is Dit weer. Amen. Nou kan enigiets gebeur. Enigiets kan gebeur.

Toe die Vuurkool die profeet geraak het,
Maak dit hom so rein as rein kan bly,
Toe die Stem van God gesê het: "Wie sal vir ons gaan?"
Het hy geantwoord: "Meester, hier is ek, stuur my."

Spreek, my Heer (steek nou julle hande op) o, spreek my Heer,
Spreek, en ek sal spoedig antwoord gee;
Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

O, miljoene worstel nou in sonde en skande,
(kyk na julle strate)
O, luister na hul jammerlik geroep;
O, haas jou, broeder, haas jou tot hul redding;
En antwoord gou: "Meester, hier is ek."

Spreek, my Heer (bedoel dit nou werklik),
spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal spoedig antwoord gee;
Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

229 Laat ons ons hande oor ons hart plaas, terwyl ons neurie. Doen jou belydenis, sê: "Here, ek's 'n man van onrein lippe. Ek's 'n vrou van onrein lippe." Laat ons 'n werklike belydenis hê, ons sal 'n werklike herlewing hê. Raak eers gereinig. Kyk, die profeet moes eers gereinig word. Die Vuur het hom aangeraak, toe was hy in aksie. "Here, gee my 'n ywer in my hart. Plaas iets in my wat ek nie het nie, Here. Plaas U liefde en Vuur in my, stuur my dan." Maak nou jou belydenis, glo God met jou hele hart.

Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
O, spreek, en ek sal spoedig antwoord gee;
Spreek, my Heer, spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

[Broer Branham begin neurie—Red.]
Maak dit hom so rein as rein kan bly,
Toe die Stem van God gesê het: "Wie sal vir ons
gaan?"
Het hy geantwoord: "Meester, hier, stuur my."

230 "Spreek." Nou laat God nou tot jou hart spreek; werklik nederig, sag, eerbiedig in Sy Teenwoordigheid. Elke sondaar, elke heilige, dit is vir ons almal. Dis vir my. Dis vir almal. Hier is Sy Teenwoordigheid, Hy is hier wat Hy gesê het Hy sou doen. Die teken wat Hy gesê het ons sou kry, hier is Hy. Terwyl die musiek stemmig speel, laat ons net ons verkeerdheid bely. "Ek's nie niks nie, in elk geval, Here. Spreek tot my hart. Reinig my eers, Here. Stuur die Heilige Gees en reinig my. Ek weet ek is in U Teenwoordigheid. Ek sien U soos Jesaja U gesien het, aan die beweeg. Die plek is vol van, nou nie rook nie, dis vol Lig, vol Heerlikheid."

231 O Here God, Skepper van hemele en aarde, waar dit in ons gedagte is, sien ons wat gebeur met hoogverhewe mense. Hulle was almal voorbeelde vir ons. Ons sien wat nederigheid en gebed, beteken, vir die gereddes.

232 Ek bid, Hemelse Vader, sommer nou vir hierdie gehoor en vir myself. Here, neem van my weg enigiets wat nie soos U is nie. Ek—ek—ek—ek wil hê U moet in my leef, Here. Ek wil U Gees hê met die—met die voortreflikhede. Ek wil hê U moet so volkome in my leef, dat ek nie meer myself is nie, dat ek—ek slegs in U

wandel en spreek. Skenk dit, Here. Hier is ek. Reinig my, Here. Reinig hierdie kerk. Reinig ons almal, tesame. Neem siekte, neem sonde, neem ongeloof, neem twyfel, neem dit alles weg. Laat die Heilige Gees nou kom met 'n kool Vuur van die Altaar, 'n nuwe vonk van pinkster, en reinig elke hart hierbinne. Neem ons, Here. Ons is U s'n. Ons glo U. Skenk dit, Vader.

Spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal antwoord: "Heer, stuur my."

233 Almal wat hulle lewens aan Christus wil, en sal, en al toegewy het, opnuut, sommer nou, en jouself in Sy Teenwoordigheid wil toewy!

234 As ek sou begin opnoem wat ek gesien het, sou ek . . . dit sou almal hierbinne behels, meen ek, sommer nou. Ek ken julle. Julle weet ek sou nie hier staan en dit sê as 'n dienskneg van Christus sonder dat Dit sommer oral is nie. Julle is nou sommer in 'n staat om 'n nuwe pinkster te begin. Dit is beslis waar, vriende.

235 Verootmoedig julle net. Bedek jou gesig, bedek jou voete, raak sommer na aan Hom. Buig neer en maak jou belydenis, en glo. Wil julle dit doen? As jy wil, steek net jou hande op, terwyl ons sing: "Spreek, my Heer."

Spreek, my Heer, (bid nou) spreek, my Heer,
Spreek, en ek sal spoedig antwoord gee;
O, spreek, my Heer, spreek, my Heer.

Invloed AFR63-1114
(Influence)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 14 November 1963, by die Marc Ballroom in New York, New York, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org